



Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompass

TEMA



Jaargang 18 no 2
Februarie 2009

- **Waar is ons geld heen? 2**
- **Die lewensreëls van Calvyn bied aktuele riglyne vir ontspoorde bankiers 4**
- **God is meer as genoeg 7**
- Kerknuus 9
- Die Gereformeerde ampsleer op losse skroewe (2) 9
- "Die Gees moet dit doen..." 14
- Belhar-herinneringe 15
- Reaksies 18
- Boekenuus 23

EKONOMIESE KRISIS

Om 'n tema soos hierdie, naamlik die huidige ekonomiese krisis, in *Kompass* aan te spreek, is om verskeie redes 'n uitdaging. In die eerste plek vereis dit 'n bepaalde vlak van kundigheid ten opsigte van 'n komplekse probleem, asook kennis van die Skrifte om aan gelowiges rigting te gee in die hantering van hierdie probleem. Die redaksie hoop dat ons daarin geslaag het om in beide te voorsien...

In die tweede plek het ons, soos ek reeds gesê het, hier te make met 'n baie komplekse probleem. Hierdie probleem het talle fasette en kan uit verskeie hoeke benader word. Gevolglik moet 'n redaksie – gesien die beperkte ruimte – keuses maak oor watter fasette aangespreek sal word en uit watter hoek. Ook wat dít betref, hoop die redaksie dat ons in die leser se behoeftes kan voorsien.

In die derde – en laaste, maar daarom nie die minste nie! – plek is hierdie tema 'n uitdaging omrede die ekonomiese krisis dikwels as 'n materiële eerder as 'n geestelike krisis gesien word. Hierdie materiële kyk op die ekonomiese krisis geld nie slegs vir die wêreld van ongeloof nie, maar dit geld dikwels ook vir die Geesvervulde gelowiges! Ja, óns wat veronderstel is om op 'n geestelike wyse na hierdie wêreld te (kan) kyk, blink dikwels uit in ons ongeestelikheid wanneer dit kom by sake soos die ekonomie. En hierdie ongeestelikheid kom onder andere tot uiting in die manier waarop ons *kritiekloos* die talle analyses aanvaar wat vir die huidige krisis aangebied word.

Nou is die aanvaarding van die analyses nie soseer die probleem nie; daar moet immers met nugterheid na die feite gekyk word om daaruit lering te trek vir die toekoms. Maar ons vergeet dikwels dat ons, as gelowiges, geroep is om teenoor die oppervlak-analise ook die diepte-analise te laat klink. Wat is die werklike krisis agter die ekonomiese krisis? Gaan dit in die ekonomiese krisis maar net oor die dollar en die euro, oor 'n gebrek aan behoorlike regulering deur die owerheid, en oor die sogenaamde 'credit crunch'? Of moet ons agter dit alles die wêreld se aandag terugbring na die werklike redes: die menslike gierigheid, die onvergenoegdheid met wat die Here ons toebedeel het, die groepsdruk vir meer en beter, die miskenning van God as die enigste Bron van alles wat goed is (HK, v/a 125)? Hoe hard bid gelowiges nog die vierde bede: "Gee ons vandag ons *dááglikse* brood"? Hoe voluit lééf ons nog hierdie bede?

As gelowiges moet ons telkens weer daarby bepaal word dat die lewe nie 'n koek is wat in stukke gesny kan word nie – 'n sny vir God, en 'n sny vir Mammon... Die lewe voor en met die Here is 'n eenheid, ook die ekonomie val onder sy heerskappy. En daarom is die bespreking van hierdie onderwerp, veral in die huidige omstandighede, van groot waarde. Mag hierdie uitgawe rigting gee aan 'n gereformeerde ekonomiese lewe.

WAAR is ons GELD HEEN?

TEMA : Ekonomiese krisis

Paniek het uitbreek in die wêreld. Die aandele- markte sak inmekaar en ekonome waarsku dat daar swaar tye voorlê. Wat het gebeur dat ons wêreld so drasties verander het, wat gaan nog gebeur en hoe moet ons as Christene hieroor dink?

Hoe het ons hier beland?

Margaret Thatcher en Ronald Reagan het in 1980 maatreëls getref om die rol van die staat in die ekonomie te verminder. Dit maak dit vir verskaffers van kapitaal aantreklik om 'n groter rol in die ekonomie te speel. Tegelykertyd het die Amerikaanse Reserwebank maatreëls getref om die inflasie finaal die nekslag toe te dien.

Die gevolg was 'n periode van ongekeerde welvaarts- groei. Hierdie lang periode van volgehoue groei het mense die idee gegee dat elke krisis oorwin kan word. Die oordrewe vertroue in die groei van die markte het gesorg dat daar steeds meer skuld gemaak is deur investeerders en finansiële instellings.

...oordrewe vertroue in die groei van die markte sorg vir steeds meer skuld ...

Stygende eiendomspryse het steeds meer spekulasie aangemoedig. Banke het steeds meer geld uitgeleë, sonder dat daar kapitaal beskikbaar was. Skuldvlakke in veral die Westerse lande het dan ook gestyg na rekordvlakke.



Niks nuuts onder die son nie

Hierdie periodes van ooroptimisme kom sedert die vroegste tye gereeld voor. Die toringbou van Babel

was uiteindelik ook maar die gevolg van so 'n periode van "super"-optimisme. Sedertdien sien ons gereeld sulke "seepbel"-periodes tydens tydperke van rekord landbou-oeste, nuwe uitvindings of lae rentekoerse.

Die sterk groei in die ekonomie laat mense dink dit is 'n permanente toestand. Daar ontstaan 'n tipe van massa-histerie wat steeds groter getalle insuig – elkeen getrek deur die begeerte om ook deel te kry aan die winste wat vir almal moontlik lyk te wees.

Die "tulpe-seepbel" in Holland in die 17e eeu en die aandeelmarkseepbel in 1929 is twee voorbeelde. Mense het geglo daar is nie 'n einde aan die winste wat gemaak kan word nie.

Hierdie tipe seepbel word gekenmerk deur twee faktore. Hoog geprysde bates (tulpe, aandele, eiendom) en maklik bekombare krediet (asook natuurlik die geloof dat die tulpe/aandele/eiendom waarin belê word weer vir 'n hoër prys verkoop sal kan word aan iemand anders). Uiteindelik het elke seepbel dieselfde onafwendbare uiteinde: dit bars en lei tot groot verliese, en 'n periode van "normalisering" wat gekenmerk word deur hoë werkloosheid en swak of negatiewe ekonomiese groei.

'n Huis vir elke Amerikaner

Die daling van rentekoerse vanaf hul hoë 20% vlak in 1980 na 0.75% in 2005 het eiendomspryse voortdurend omhoog gestoot. The "American Dream" – elke Amerikaner besit sy eie huis – het begin moontlik lyk. Lenings aan "sub-prima" leners wat nie die lenings kon terugbetaal nie, het vinnig gegroei. Hierdie swak kwaliteit leners is gelok deur onder andere lae aanvangs-rentekoerse, geen kapitaal-terugbetalings, "liar loans" (die bank doen geen navraag na die lener se inkomstevlakke nie) en hordes kommissie-gedrewe agente.

"Die markte kan beter werk en welvaart skep as die staat."

Tegelykertyd het die sub-prima lenings met hul hoër rentekoerse voldoen aan 'n wêreldwye vraag na groter winste. Hierdie lenings dra 'n baie groter risiko vir die instelling wat die lening maak. Dit is verdoesel en geïgnoreer. Die banke wat die geld uitgeleë het, het hulle "verpak" en dwarsoor die wêreld versprei aan ander banke en pensioenfondse.

Omdat die huispryse steeds gestyg het, kon Amerikaanse huiseienaars hoër lenings op hulle huise kry. Dit het 'n ontsaglike stimulans aan die ekonomie gegee. Toe die huispryse begin daal het, was die gevolge katastrofies.

Hoë risiko beleggings

Die toenemende gevoel van aanhoudende utopia het verskansingsfondse en beleggingsbanke soos haaie na bloed gelok. Beleggingsprodukte is oënskynlik aantrekliker gemaak deur 'n skuldlaag in te voeg, maar weer eens is die onderliggende kompleksiteit, risiko en onstabiliteit geïgnoreer. Omdat korttermyn rentekoerse so laag was, is wins "geskep" deur die verskil tussen korttermyn en langtermyn rentekoerse te arbitreer en te verkoop.

Die moderne "global village" het gesorg dat die golf van super-materialisme oorgewaai het na Europa en veral Ierland, Spanje, Engeland, Denemarke, Nederland, Japan, Australië, Korea en selfs Ysland.

Die kaarthuis stort in

Die einde is altyd dieselfde. Skuld kan nie terugbetaal word nie, die bates se pryse was te hoog en daal vinnig in waarde wanneer almal tegelykertyd gedwing word om te verkoop. Die sterk vraag na produkte kom tot 'n einde, fabriek se omsette daal. Werknemers word afgedank, wat lei tot toenemende werkloosheid. Banke wat te veel en te maklik uitgeleen het aan onkredietwaardige leners, moet gered word deur regeringspakkette.

Ook die huidige krisis het so verloop. Toe die kaarthuis uiteindelik ineenstort, kon banke en versekeringsmaatskappye mekaar nie meer vertrou nie. Niemand was seker watter risiko's op die ander se balansstaat was nie. Deposito's is onttrek uit vrees dat die swak lenings die bank sou laat ondergaan.

'n Herhaling van 1930 het moontlik gelyk. Politici het ge-argumenteer oor die "moral hazard" van reddingspakkette en het, deur niks te doen nie, hierdie vertrouenskrisis vererger.

...die golf van super-materialisme het oorgewaai na Europa...

Waar lê die meeste skuld?

Daar is baie spelers wat bygedra het tot die ontstaan van die krisis, maar uiteindelik was daar een onderliggende rede: Hebsug. Die Amerikaanse en Britse regerings het die krisis sien aankom, maar wou nie die soustrein stop nie. Ook Alan Greenspan het bygedra deur by elke vorige krisis rentekoerse nog laer te sny en die situasie te red. Daarom juis die

"Moral Hazard"-debat: Is dit reg dat die belastingbetaler moet betaal vir die partytjie wat die kapitalistiese banke en beleggers veroorsaak het?



Skuld – die wortel van alle kwaad?

Skuld lei tot armoede en afhanklikheid. Prediker waarsku sterk teen borgstaan en skuld. Presies soos Prediker voorspel, loop die weduwee van Sarfat die risiko dat haar oorlede man (wat 'n Godvresende man was) se skuldeiser haar seuns as slawe wil neem as delging van sy skuld. God wou sulke gevalle verhoed deur die Israeliete te dwing om aan die einde van elke 7 jaar skuld weer af te skryf (slegs vir Israeliete, nie vreemdelinge nie). Dus die Bybel aanvaar skuld as iets wat soms nodig is, maar waarmee versigtig omgegaan moet word. Jesus waarsku veral sterk teen die begeerte na meer weelde. Lukas 12:13-21: 'n Mens se lewe kry nie vervulling deur die hoeveelheid van sy besittings nie. Paulus waarsku ook in sy eerste brief aan Timotheüs: "*Maar die wat ryk wil word, val in versoeking en strikke en baie dwase en skadelike begeerlikhede wat die mense laat wegsink in verderf en ondergang. Want die geldgierigheid is 'n wortel van alle euwels; en omdat sommige dit begeer, het hulle afgedwaal van die geloof en hulleself met baie smarte deurboor.*" (1 Tim 6: 9-10).

Die gevaar van rykdom is dat dit die hart wegtrek van Christus (waar jou skat is, daar sal jou hart wees). Daarom is dit ironies wanneer Christene skuld aangaan met die doel om 'n groter aardse skat te versamel. Vir die ryk jongman was dit swaar om te kies tussen sy rykdom en die Koninkryk – hy was bedroef. Daarom waarsku Jesus dat dit moeilik is vir 'n ryk mens om in die Koninkryk in te gaan.

Daar is egter nog 'n ander kant van die saak: sonder skuld kan 'n ekonomie nie groei nie. Dit is juis die 'paradox of thrift'. Spaar is aanbevelenswaardig, maar as 'n hele bevolking spaar, staan die ekonomie stil! Om te spaar om 'n huis kontant te koop, is

ondenkbaar. Nuwe fabriek wat werk skep, kan ook slegs deur lenings of kapitaal gefinansier word.

Die gevaar ontstaan wanneer skuld gebruik word om te spekuleer of 'n lewenstyl te verhoog, beide op individuele en korporatiewe vlak. Veral beleggings moet nooit deur skuld gefinansier word nie. Die huidige krisis leer ons as Christenverbruiker en sakeman weer om so ver as moontlik skuld te vermy, veral as dit gedryf word deur begeerte.

...sonder skuld kan 'n ekonomie nie groei nie...

Wat lê ons nog te wagte?

Daar is te veel skuld geskep en te veel infrastruktuur gebou. Banke se leningsverhoudings is veels te hoog. Hulle word gedwing om lenings terug te trek. 'n Vermindering van skuld wêreldwyd beteken negatiewe groei. 'n Aansienlike aantal bankrotskappe lê nog voor die boeg, wat werkloosheid verder sal laat styg.

Pensioenfondse het baie seer gekry in die markin-eenstorting van 2008 en moet herbou word. Baie werkers sal aftrede moet uitstel omdat hulle dit nie meer kan bekostig om op die beplande ouderdom af te tree nie.

Regerings sal probeer om deur subsidies, lae rentekoerse en werkskeppingsprojekte die verbruiker te stimuleer om steeds voort te gaan om te verbruik om sodoende die ekonomie aan die gang te hou. Maar, hierdie subsidies en hulppakkette sal uiteindelik

gefinansier moet word. Vanaf 2010 sal belastingkoerse verhoog moet word en rentekoerse sal moet styg. Die pasiënt is siek en sterk medisyne is nodig. Die woorde van Karl Marx is interessant in hierdie situasie:

"Eienaars van kapitaal sal die werkende klasse stimuleer om meer en meer duur artikels, huise en tegnologie te koop, wat hulle sal druk om meer en meer duur krediete aan te neem, totdat hulle skuld ondraagbaar word. Die onbetaalde skuld sal banke bankrot laat gaan, sodat die banke genasionaliseer moet word en die staat die pad moet volg wat uiteindelik na kommunisme lei." (1867)

Dit lyk onwaarskynlik dat ons sal oorswaai na kommunisme, maar die sosialiste sal probeer om die hervormings van Thatcher en Reagan terug te rol en die kapitalisme in te perk. Net so min lyk dit waarskynlik dat ons 'n herhaling van die 1930 Groot Depressie sal beleef. Die Groot Depressie is gekenmerk deur 'n wêreldwye droogte en veral 'n aantal groot beleidsfoute. In 1930 het regerings toegelaat dat banke faal en deposante hul deposito's verloor. In 2008 het deposante nie hul deposito's verloor nie (maar leners het wel hul huise verloor).

Dit is nog te vroeg om te voorspel hoe erg hierdie resessie sal wees. Maar dat die Weste vir 'n hele aantal jare 'n baie swak groei koers sal beleef, is seker.

Kokkie Kooyman is lid van die Vrye Gereformeerde Kerk in Kaapstad en die hoof van Sanlam Investment Managers Global.

Die LEWENSREËLS van CALVYN bied aktuele riglyne vir ONTSPOORDE BANKIERS

TEMA : Ekonomiese krisis

Die artikel deur Prof Johan Graafland is geneem uit "Me Judice", 'n internetgespreksgroep oor ekonomie en politiek. Prof Graafland is verbonde aan die Universiteit van Tilburg. Hy spesialiseer in die filosofie van die ekonomie en bedryfsetiek.

Vanjaar is dit presies 500 jaar sedert die geboorte van die hervormer Johannes Calvyn op 10 Julie 1509. Calvyn het nie net 'n betekenisvolle rol in die teologie gespeel nie. Ook sy insig in die ekonomie het 'n groot invloed gehad op die ekonomiese ontwikkeling van die westerse wêreld. Deur sy vernuwende uitleg van die renteverbod in die Bybel, het Calvyn die weg gebaan vir die legitimering van die rol van rente in die ekonomie. Hy het tegelykertyd ook steng vereistes neergelê wat behoort te geld by die uitleen van geld. Die voorwaardes en beperkings wat deur Calvyn opgelê is, is nog steeds aktueel en kan steun bied by die ontwerp van reëls om 'n herhaling van die wêreldwye ontsporing van die finansiële stelsel te voorkom.

Bankiers en die renteverbod

Calvyn het die ekonomie benader deur die oë van 'n sakeman. Volgens Calvyn kan 'n finansier 'n waardevolle funksie in die samelewing vervul. Geld is 'n middel waardeur mense verbintnisse met mekaar kan aangaan. Deur middel van geld kan mense deel in die goedere van ander.

Aristoteles en die kerkvaders Ambrosius, Chrysostomus en die skolastici het geleer dat geld vrugtelos was. Calvyn het hierdie siening egter afgewys. In kombinasie met arbeid word kapitaal produktief, maar sonder kapitaal kan arbeid nie produktief aangewend word nie.

Verder het Calvyn verskillende teksgedeeltes uit die Bybel waarin oënskynlike verbodings op die hef van rente voorkom, as irrelevant geag in soverre dit gaan oor die hef van rente as sulks. In sy uitleg van Exodus 22:25, Levitikus 25:35-38 en Deuteronomium 23:19-20 maak Calvyn 'n wesenlike onderskeid tussen verbruikerskrediet aan armes en beleggingskrediet.

Verbruikerskrediet het een enkele doel, naamlik om 'n arme in sy direkte nood by te staan. Dit lewer vir die lener geen produktiewe waarde op nie. In die geval van investeringskrediet word die lening wel aangewend om, saam met die arbeid van die lener, meer toegevoegde waarde te verkry. In so 'n geval is dit ook regverdig dat die eienaar van die geld 'n gedeelte van die bykomende kry wat deur sy inset van kapitaal moontlik gemaak is.

Grense aan rente

Nogtans het Calvyn ook verskillende beperkinge opgelê vir die praktyke van bankiers. Eerstens het hy die renteverbod gehandhaaf wanneer dit gaan oor die voorskiet van geld aan armes om in dringende behoeftes te voorsien. Daar mag volgens hom



geen voordeel geneem word uit die armoede van andere nie. In die tweede plek mag 'n mens slegs geld uitleen nadat daar genoeg uitgehou is om ander te help. Die uitleen van geld teen rente mag dus geen verskoning wees om rentelose lenings te weier nie. Die geldskietter kan immers die alternatief van investeringskrediet teen rente oorweeg.

In die derde plek mag 'n gelduitlener nie lenings aan voorwaardes onderwerp wat deur die gelduitlener as onaanvaarbaar beskou sou word indien hy die lener was nie. Calvyn het hierdie goue reël ontleen aan Lukas 6:31 Behandel ander soos julle self behandel wil word.

In die vierde plek het hy gestel dat dit nie geoorloof is om alleen 'n geldskietter te wees nie. Calvyn het die morele gevare daarvan te hoog geag. Diegene wat 'n beroep daarvan maak, deur byvoorbeeld 'n bank op te rig, loop gevaar om in die proses 'n rower te word.

In die vyfde plek moet diegene wat die geld leen, in staat wees om met die geld wat hy geleen

het, meer inkomste te verwerf as die prys wat hy in die vorm van rente vir die lening betaal. Calvyn het dus die heffing van buitensporige hoë rente veroordeel. Ten einde hierdie grense aan die uitleen van geld effektief te beheer, het Calvyn gepleit vir streng owerheidsregulering. Hy het trouens die owerheid van Genève, waar hy predikant was, oortuig om 'n wetlike bepaling, waardeur die wettige rentepersentasie op 5% (later 6,66%) vasgestel is, in te stel en daardeur 'n relatiewe lae rentelimiet vir die tyd vas te stel.

Hoe sou Calvyn die kredietkrisis beteuel?

Terwyl ekonome en beleidsadviseurs hulle koppe breek oor hoe die kredietkrisis fundamenteel aangepak kan word, word die eeue-oue denke van Calvyn oor die hoof gesien. Die beperkings wat Calvyn gestel het aan die heffing van rente, kan ons nou nog help in die kredietkrisis. Neem byvoorbeeld die verbod om rente te eis van behoeftiges: die aan-knopingspunt by hierdie voorwaarde is dat die sub-prima verbande, wat die kredietkrisis ten grondslag gelê het, juis betrekking gehad het op lenings

aan mense uit lae inkomstegroepe. Calvyn se riglyn skryf voor dat 'n mens geen rente van die armes van die bevolking kan vra nie. 'n Mens kan jou daarom afvra of sub-primaverbande wel die aangewese wyse kon wees om armes te help om wonings te bekom, veral as in ag geneem word dat die finansiering daarvan gebaseer was op die verwagting van verdere prysstygings in die huismark. Moet 'n mens hierdie kwesbare groepe aan soveel risiko's blootstel? Moes die owerheid nie 'n veel meer aktiewe rol gespeel het in die beskerming van hierdie mense deur byvoorbeeld waarborgstelling vir laer inkomstegroepe of deur direkte inkomstesteun nie?

Uiteraard is dit veral die banke wat die groot risiko's geloop het in die Amerikaanse woningmark. Immers, indien 'n huiseienaar nie meer die mas kon opkom nie, kon hy bloot sy huissleutel by die bank gaan inlewer. Die risiko van 'n verlies in geval van die herverkoop van die woning het geheel en al by die betrokke bank gelê.

Daarmee kom ons by die tweede voorwaarde deur Calvyn gestel, naamlik dat finansiers voldoende reserwes moet uithou om ander verpligtinge na te kom. Dit impliseer dat banke 'n verantwoorde risikobeleid behoort te voer, sodat terugslae nie daartoe lei dat ander lewensbelangrike sake geskaad word nie. Weereens is Calvyn se steun vir owerheidsregulering hier relevant. Nie soseer in die vorm waarvoor Calvyn pleit, naamlik 'n maksimum rentelimiet nie, maar wel in die vorm van toesig oor risikobeheer. As eiebelang nie voldoende aansporing vir bankiers is om verantwoordelik op te tree nie, moet die staat verantwoordelikheid neem om selfsug te beteuel. Byvoorbeeld deur te eis dat banke streng vereistes stel aan die kredietwaardigheid van

huiseienaars, sonder om te reken op die oor-optimistiese verwagtinge van volgehoue toekomstige huisprysstygings. Verder kan bepaal word dat by die verkoop van verband-boeke deur een bank aan 'n ander die risiko's steeds deursigtig moet bly. Verder beteken hierdie tweede voorwaarde ook dat mense, besighede en owerhede nie hulle finansiële drakrag moet aanwend vir hulle eie belang nie. Sekerlik is dit, noudat beurskoerse so laag is, verleidelik om maksimaal in te stap en en sodoende wins te maak uit 'n toekomstige herstel. Dit mag egter geen belemmering wees in 'n mens se plig om ander te help nie. Vir hierdie doel moet voldoende geld opsygesit word. Hierdie reël geld ook vandag vir banke. Die risikobeleid moet daarop afgestem wees om ook by teleurstellende resultate steeds maatskaplike verantwoordelikheid na te kom. Die reël geld ook vir owerhede. Noudat die storm woed, is die versoeking groot om ontwikkelingshulp stop te sit.



Volgens Calvyn moet die finansiële beleid egter so robuus wees dat die geld- en handelstrome na waar ontwikkeling nodig is, nie opdroog nie.

Die derde voorwaarde wat Calvyn opgelê het, behels 'n bepaalde respek vir die beginsel van wederkerigheid. Hierdie beginsel

sou daartoe kon bydra dat die impak van die kredietkrisis minder hewig sou wees. As banke meer van die beginsel van Lukas 6:31 meer toegepas het, sou hulle nie die spaargeld van onwetende spaarders wat aan hulle toever-trou is, op sulke riskante beleggings bestee het nie. As hulle self die spaarders was, sou hulle self wou sien dat die banke nie so gedobbel het met die geld wat aan hulle toevertrou was nie.

Ten slotte nog een woord oor Calvyn se vierde voorwaarde: die afwysing van banke. Hierdie voorwaarde pas dalk nie meer in die huidige ekonomiese verhoudings nie, maar die waarskuwing dat die beroep van bankier steeds korrup kan wees, is steeds aktueel. Dit blyk wel uit die feit dat die bonuskultuur in die bankwese handuit geruk het. Op hierdie punt is Calvyn se analise van die hebsug en sy vergelyking met alkoholverslawing verhelderend. Net soos alkoholverslaafdes keuses maak wat hulle nie bevry nie en slegs hulle natuurlike behoeftes bevredig, so ook wanneer dit die hart van mense in beslag neem. Die aanloklike bonusse het inderdaad 'n benewelende uitwerking en spoor bankiers aan tot onverantwoordelike risiko's. Dit het gelei tot groot skade vir ander belanghebbendes en vir die samelewing as geheel. Juis in hierdie sektor is betroubaarheid een van die belangrikste deugde wat moeilik met hebsug gekombineer kan word. Selfs noudat banke soos Fortis skipbreuk ly, wil diegene wat daarvoor verantwoordelik was, nie hulle bonusse verbeur nie. Dit kom baie naby aan die rowery waarteen Calvyn bankiers gewaarsku het.

Terug na Calvinistiese waardes

Naas die beperkings op rente, pleit Calvyn ook vir 'n sobere

lewenstyl. In die kredietkrisis is albei nou met mekaar verbonde. Op die agtergrond speel immers 'n situasie van oorbesteding en – verbruik af. Op mikrovlak lyk dit of Amerikaners nie meer weet van spaar nie en of hulle op die kredietkaart leef. Maar ook op makrovlak loop die Amerikaanse skulde op as gevolg van buitensporige bestedingsbeleid van die

owerheid. Dit het die Amerikaanse ekonomie erg verswak en was 'n mede-oorsaak van die feit dat die kredietkrisis so hewig toegeslaan het. Die westerse ekonomie sal verstandig wees om die lesse van Calvyn ter harte te neem. In 'n vrye mark, waar eiebelang vrye teuels het, verkry destabiliserende korrupterende

kragte te veel ruimte. Calvyn was bedag daarop.

Johan Graafland, 2008, "De leefregels van Calvijn bieden actuele handleiding voor ontspoorde bankiers." Me Judice, Jaargang 1, 21 November 2008.

GOD IS MEER AS GENOEG

(Na aanleiding van 1 Timotheüs 6:5b – 7)

TEMA : Ekonomiese krisis

Het u die afgelope jaar armer geword? Volgens God is dit nie moontlik nie. Volgens God wys die gelowige oor 'n tydperk in sy lewe *altyd* wins. *Groot* wins selfs! Sy genieting is oorvloedig, sy versameling word net groter. Armoede is in wese nie iets wat met hom geassosieer kan word nie. En daarom die vraag: Het ons werklik ryker geword? Of was ons eintlik voor hierdie ekonomiese moeities al arm, sonder dat ons dit miskien besef het?



Groot wins

Paulus ken ook die werklikheid dat alles net in rande en sente gemeet word. Hy skryf daarvoor aan Timotheüs (1 Tim 6:5). Mense wat gedryf word deur die vraag: hoeveel wins kan ek maak? Hulle gebruik die saak van Godsvrug (Godsaligheid) om hulself te verryk. God-gebruikers! God wat my moet help om die wêreld en alles daarbuite te

geniet. God wat my instrument word om die lewe te kan geniet. Daar is wins te make in die godsdiens-besigheid! Ons sou verwag dat Paulus 'n paar sterk woorde hieroor te sê het. Hoe kan mense so winsbejag wees? Asof die lewe daarvoor sou gaan! En tog, Paulus sê dat Godsvrug en wins inderdaad alles met mekaar te make het (1 Tim 6:6). Hy versterk dit selfs: Godsvrug het te make met *groot* wins. Godsvrug maak ryk!

Die geheim

Die tema van die Godsvrug en wins het dus gebly, maar vir die res sê Paulus presies die omgekeerde van hierdie God-gebruikers. Vir hulle was die Godsvrug 'n instrument tot wins, vir Paulus is die Godsvrug die wins! Die wins hoef nie nog omgesit te word in iets om my lewe beter te maak nie. My groot wins hou in dat ek Iemand omhels! So het Paulus immers die geheim van die Godsvrug omskryf in dieselfde brief aan Timotheüs (3:16). Jesus Christus en die vrug van sy werk, dit is die diepste wese van ons Godsvrug.

Wie Hom omhels, is Godvrugtig en *het* groot wins. Teenoor die God-gebruikers stel Paulus die God-genieters! My rykdom in die lewe is die gawe van God aan my, Sy eie geliefde Seun. My rykdom is om Christus en al sy weldade te geniet. My rykdom is dat ek 'n almagtige en goeie Vader gekry het. My rykdom is om te lewe voor die aangesig van die God aan Wie alle heerlikheid in die hemel en op die aarde behoort. My rykdom is in Hom!

My rykdom is dat ek deur hierdie God *besit* word. Sy eiendom! Hy het my as 'n groot wins beskou, en duur daarvoor betaal. En dit is Hy wat sy goeie werk in my voortsit en Sy vrug in my uitwerk. Ja, so ver strek sy goedheid, dat hierdie vrug (Sy vrug!) ook nog beloon sal word. Sy vrug sal ook nog as *my* wins gereken word. Skatte in die hemel! Wie sou ooit hierdie wins kon bereken? Geen geld in die wêreld wat dit kan koop nie!

In ewigheid

Wie nou die vergelyking trek tussen die God-gebruikers en die Godvrugtiges, verstaan waarom slegs die Godsvrug *groot* wins

lewer. Paulus stel die wins van die God-gebruikers selfs nog in 'n ander lig: Kan dit ooit wins genoem word?

In vers 7 stel hy die saak van wins in die lig van die ewigheid. Ons het met geen besittings in die wêreld gekom nie, ons sal ook sonder besittings hierdie wêreld verlaat. Wat het dan werklik waarde? Dit is tog alleen dít wat ek saam met my neem tot in ewigheid? Slegs dit kan wins genoem word wat deur die ewige God en Regter as wins beskou word.

Oorsaak en gevolg

Nou is dit opvallend dat Paulus saam met die Godsvrug ook "vergenoegdheid" noem as 'n saak van groot wins. "Godsvrug saam met vergenoegdheid is 'n groot wins".

Sommige lees dit asof Paulus hier oor twee afsonderlike sake sou praat. Iets in die lyn van: "Daar is Godsvrug, en dan moet ek ook nog tevrede wees met wat ek het, en dan sal dit vir my as 'n groot wins gereken word". Die gevolg hiervan is dat ek allerlei strydtegnieke aanwend om te leer om tevrede te wees. Byvoorbeeld totale passiwiteit: ek laat alles net oor my kom, en reageer op niks. Of harde verbreking van my begeertes. Of myself afsluit van die lewe rondom my. Of myself tevrede "inpraat".

Maar, kry ek dan die egte tevredeheid? Die dankbare en gelukkige wete en gevoel dat die lewe vol en goed is? Kry ek so die lied in my hart wat getuig van rus en blydschap?

Veel eerder moet ons sien hoe die vergenoegdheid bepaal word vanuit die Godsvrug. Kyk hoe ryk is so 'n Godvrugtige lewe! Ek mag deel in die heerlijkheid van die "Koning van alle konings en die Here van alle here" (vers 15). Ek het 'n Vader, 'n Verlosser en 'n Trooster – wat meer kan ek

begeer? In 'n wêreld waar daar soveel aardse rykdom te vinde is, begeer ek niks buiten U nie (Ps 73).

So werk God tevredeheid in my: deurdat ek my al hoe meer op Hom rig. In die lig van sy goedheid en liefde, sal my eise en meesleurende begeertes wegval. Tevrede soos 'n kind by sy moeder, so het my vraatsige hart tot rus gekom. Hy wek in my 'n lied, omdat alles wat ek het en nie het nie, sy Vaderhand oor my lewe gebring het.

"Godsvrug saam met vergenoegdheid" – oorsaak en gevolg. Vanuit die Godsvrug kan ek genoeg neem met wat in my lewe is.

Genoeg

En dit is presies waaroor dit gaan in die Christen se lewe: om genoeg te neem. Vergenoegdheid in die wêreld is om genoeg te hê. En dit is altyd een tree verder. Hoeveel is genoeg? Net 'n bietjie meer...

In die lewe met God neem ons vergenoegdheid. Ons neem ons lewe net soos dit is. En so is dit genoeg. Dit gaan hier in ons konteks juis heel spesifiek oor geld en besittings. Dus, of ek nou finansiële ryker of armer geword het. Dit is genoeg so.

Straatarm – net kos en klere. Ek kan dit sing: Dit is genoeg so! Want my genoegsaamheid lê nie in my omstandighede nie, maar dit lê in my onveranderlike God. My wins hou in dat ek diep gelukkig kan wees met min. Die groot profyt van my lewe beteken dat ek enorme verliese kan hanteer. "Nogtans sal ek jubel in die Here..." (Hab 3).

Tevredenheid is: Godsvrug toegepas in my praktiese situasie. Omgekeerd: Egte Godsvrug sal in my huidige situasie veral sigbaar word in vergenoegdheid. Immers, God Self is vir my meer as genoeg!

Fokus op God

Almal praat op die oomblik oor die huidige finansiële situasie. Ons praat oor hoe dit ons raak en wat ons alles moet prysgee. Ons praat van die feit dat "almal op die oomblik swaarkry". Dit is 'n onderwerp waarvan ons gees duidelik vol is, gemeet aan die hoeveelheid kere wat dit na vore kom. Maar wat sit hieragter? Hoekom praat ons so baie daaroor? Noem ons maar net feite vir mekaar, of leef ons tog in 'n sekere vrees en ontevredeheid? Kom ons vra die omgekeerde: Word die kerk van Christus in hierdie moeilike tyd *gekenmerk* deur tevredeheid en dankbaarheid? Is dit hoe ons as kinders van God herken word op die strate, deurdat ons juis in hierdie tyd tevredeheid uitstraal? Of praat ons maar saam met die res?

Miskien is dit tog goed dat ons onself hierin ondersoek. Want daar is 'n duidelike waarskuwing in 1 Timotheüs 6. Die Godgebruikers was juis leermeesters wat hulleself (in die kerk!) besig gehou het met onbenullighede (vers 3-5). Grootse Skrifondersoek, maar sonder om die lewe met God daarin te soek. En juis daarom kon hulle nie Godsvrug saam met tevredeheid sigbaar maak nie, maar het hulle saam met die wêreld geloop in gierigheid en ontevredeheid.

Soek ons werklik in en deur die prediking die lewe met God Self? Is die gesonde leer ook gerig op die Godsvrug? Praat ons met mekaar oor wie die *Here* is? Is ons fokus so op God as Persoon?

Miskien dat die Here ons in hierdie tyd juis armer maak, sodat ons weer ryker kan word! Het ons nie miskien God se tugtigende hand hierin nodig nie? Immers, dit was omdat God nie genoeg was nie, dat die satan as engel geval het. Dit was omdat God nie genoeg was nie dat Adam en Eva geval

het. Dit was ook die rede hoekom die volk in die woestyn gemurmureer het. Dit is hoekom die kerke vandag leegloop. Is ons huidige situasie nie (onder andere) 'n tugtiging van God oor ons lewe nie? En van so 'n tugtigende hand wil ons tog nie wegvlug omdat ons beter finansiële omstandighede soek nie?

Juis daarom gaan ons in hierdie tyd ook nie fokus op die moeilike finansiële omstandighede en hoe

ons in hierdie tyd kan sorg dat ons genoeg het nie. Ons gaan fokus op die Godsvrug *sodat* ons genoeg het.

Ons gaan nie die sommetjies maak oor hoe ons lewe swaarder geword het nie, maar ons gaan mekaar bemoedig om die lewe met God weer 'n fees te maak - 'n fees wat elke dag geniet kan word!

Ons gaan rus in die wete dat my volle tevredenheid nie een stap verder lê (soos in die wêreld) nie,

maar by Hom wat elke dag weer na my toe kom in sy liefde en genade.

En in 'n toekoms wat angstig lyk, hou ek vas aan die belofte: God is meer as genoeg!

Ds Jopie van der Linden is emeritus-predikant en lid van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg.

KERKNUUS

Kerknuus

Suid-Afrika

Br Thabo Matlaela het, nadat hy sy teologiese studies suksesvol voltooi het, op Vrydag 12 Desember 2008 sy klassis-eksamen afgelê. Sy preek oor Psalm 127 het daarvan getuig dat hy op pastorale en praktiese wyse die evangelie wil verkondig. Na die volledige eksamen – nege vakke, elkeen ongeveer 15-20 minute lank – het die kerke in Klassis Noord met blydschap hierdie broeder in die kerke beroepbaar gestel.

Br Matlaela (39) is getroud met Monicah en hulle het drie kinders ('n dogter en twee seuns). Hulle woon op die perseel van die VGK Soshanguve-Noord, maar hy werk in die gemeente van Soshanguve-Suidoos. Daar het hy die afgelope jare onder toesig van die sendeling gepreek en pastorale werk verrig.

Br Matlaela kan daarvan getuig dat hy graag die Here binne die VGKSA wil dien, en hy sien in geloof uit na

'n beroep. Ons wens ons broeder en sy gesin die Here se seën toe.



br Thabo Matlaela

Die GEREFORMEERDE AMPSLEER op losse skroewe? (2)

Mag vroue dien in ampte van predikant, ouderling en diaken?

Nederlandse sinode

In die vorige artikel het ons gekyk hoe hierdie vraag beantwoord word in twee publikasies:

- die rapport **M/V in de kerk** geskryf vir die sinode van die Gereformeerde Kerken (vrijgemaakt) in Nederland 2008;
- en die boekie **Manlik en vroulik in die kerk** (DG Breed, FJ van Rensburg, GJC Jordaan red.)

In die vorige artikel het ons gesien dat met name laasgenoemde boekie gevolgtrekkings maak wat betref die eksegeese van tekste oor die ampte in die Bybel wat onhoudbaar is. Die boekie doen homself voor as gebaseer op gereformeerde hermeneutiese beginsels, maar inhoudelik is dit allermens die geval. Vandaar die tipering in die vorige artikel: 'n wolf in skaapsklere.

In hierdie artikel gaan ons 'n stappie verder. Dit help nie net om aan te wys wat verkeerd is nie; laat ons van die geleentheid gebruik maak om self weer 'n helder sig te kry op die gereformeerde ampsleer. En net ter wille van duidelikheid: 'n gereformeerde ampsleer beteken die

siening oor die ampte in die kerk soos dit in die Bybel na vore kom, met die uitgangspunt dat die Bybel as Woord van God bindend is vir alle tye. Ook is dit vir my baie belangrik om te beklemtoon dat die fel kritiek wat in hierdie artikels deurklink, nie almal oor dieselfde kam wil skeer nie. Die feit dat die boekie **Manlik en vroulik in die kerk** uit Doppergeledere kom, beteken nie dat ek negatief is oor die GKSA nie. Daar is 'n groot menigte in hierdie kerke wat God opreg dien en waak by die suiwer gereformeerde leer. Maar terselfdertyd mag ons nie ons oë daarvoor sluit nie dat daar sommige leiers is wat definitief besig is om die gelowiges op 'n dwaalspoor te begin lei.

Wolf in skaapsklere (2)

Tydens die sinode van Zwolle-Zuid van ons Nederlandse susterkerke het die afgevaardigdes van die GKSA, dr Neels Smit en prof Dries du Plooy, die boekie *Manlik en vroulik in die Kerk* aan die sinode as geskenk aangebied. Onder die buitelandse susterkerke wat tydens hulle toesprake merendeels met groot kommer gereageer het op die Nederlandse deputaterapport *M/V in de kerk*, het die GKSA-afgevaardigdes uitgestaan met hulle baie milde ontvangs van hierdie rapport. 'Haast u langzaam', het dr Smit die sinode in Nederlands probeer voorhou. Die rapport is 'n stap in die regte rigting. Moenie te gou besluite neem nie. Moenie te gou kies tussen die verstaansmoontlikhede nie. Met die inhoud van die boekie uit Doppergeledere in gedagte, kan die ingeligte leser presies aflei wat dr Smit se bedoeling was...

Wat van die Belydenisgeskrifte?

Kom ons gaan nog 'n bietjie dieper in op die vraag of vroue mag dien in die besondere ampte. Daar word naamlik ook as argument aangevoer: ja, maar die belydenis is nie daarteen nie. In die Nederlandse Geloofsbelydenis word daar slegs verwys na "die reël wat die apostel Paulus daarvoor gee in die brief aan Timotheüs" (art 30). Behalwe vir die feit dat dit wat in Timotheüs staan, wel duidelik is (tensy mens 'n nie-gereformeerde hermeneutiek toepas), is hierdie in elk geval 'n redenasie wat nie korrek is nie. Die belydenisgeskrifte behandel nie alles wat in die Bybel staan nie. Die belydenisgeskrifte het in 'n historiese konteks ontstaan, en behandel dit wat vir hulle tyd relevant en omstrede was. Die kwessie of die vrou in die kerklike ampte mag dien, was nie aan die orde of 'n omstrede saak toe die Nederlandse Geloofsbelydenis, die



Heidelbergse Kategismus, of die Dordtse Leerreëls geskryf is nie. En ook nie toe die Apostoliese Geloofsbelydenis, en dié van Nicéa of Atanasius, tot stand gekom het nie.

Om 'n voorbeeld ter vergelyking te noem. In die tyd van die Reformasie (16^e eeu) het die Wederdopers gesê 'n mens mag nie kinders doop nie, want daar is nêrens 'n eksplisiete voorbeeld daarvan in die Bybel nie. Ook staan dit nie in die Apostoliese Geloofsbelydenis (of in Nicéa of Atanasius) nie. Volgens die Wederdopers was die kinderdoop maar net 'n menslike gewoonte wat in die (Roomse) kerk deur die eeue posgevat het. Behalwe vir die feit dat die Wederdopers nie baie belang gestel het in belydenisgeskrifte nie, sou so 'n redenasie ook 'n drogredenasie wees. In die tyd toe die Apostoliese Geloofsbelydenis tot stand gekom het, was die kinderdoop nie 'n omstrede saak nie, soos dit in die eeu van die Reformasie wel was. Daarom het die kinderdoop wel 'n plek gekry in byvoorbeeld die Heidelbergse Kategismus, om die Bybelse leer ten aansien van die kinderdoop veilig te stel.

In 'n soortgelyke situasie bevind ons ons nou wat betref die ampsleer. In die 16^{de} eeu was die vraag of 'n vrou in die kerklike ampte mog dien, nie aktueel nie. Beide Protestants en Rooms-Katolieke het ingestem met wat die Bybel ons op hierdie punt voorhou. Selfs vir die Wederdopers was dit nie 'n kwessie soos dit vandag is nie. Vir die kerk van daardie dae was dit dus nie nodig om die Bybelse ampsleer op hierdie punt te bewaak in die belydenisgeskrifte nie. Vandag is dit egter 'n ander geval. 'n Mens sien hoe, soos 'n domino-effek, die een kerk na die ander toegee aan die druk van die tydsgees om die kerklike ampte vir vroue oop

te stel, of 'n volgende stap, om die kerklike ampte selfs vir praktise-rende homoseksueles oop te stel. Elke kerk wat trou wil bly, ook aan die Bybelse ampsleer, het in hierdie tyd dus wél die opdrag om nie te swyg nie, maar standpunt in te neem.

God se Woord en die tydsgees

Kom ons kyk 'n bietjie na onself. Ons lewe ook in hierdie tyd, en die invloede van die tydsgees gaan nie aan ons verby nie. En wat betref dit wat die Bybel ons voorhou oor die ampsleer, verstaan ons dalk nie altyd die bedoeling van iets in die Bybel nie. Maar, die feit dat ons dit nie verstaan nie, wil nog nie sê dat dit daarom nie goed is nie. Die tydsgees kan 'n mens ook blind maak vir die goeie bedoeling van 'n Bybelse voorskrif.

Vir eeue was mense byvoorbeeld blind vir die goeie bedoeling van monogamie. In God se verbonds-volk het poligamie¹ wydverspreid voorgekom, selfs onder die konings soos Dawid en Salomo. God was baie geduldig, maar sy wil, soos dit reeds in Genesis voorkom oor die huwelik as die band tussen slegs een man en een vrou, het nie verander nie. Hy het Hom op hierdie punt nie aan die tydsgees aangepas nie. In die Westerse samelewing is poligamie nie meer 'n kwessie nie, almal verstaan hopelik dat dit sleg is. In andere kulture (soos hier in Afrika) is dit nog nie so vanselfsprekend nie. In die Westerse kultuur is daar ander dinge wat mense moeilik kan verteer, maar wat wel duidelik is in die Bybel. Soos byvoorbeeld die noodsaak van die huwelik voordat seks beoefen word, of die afwysing van homoseksualiteit, of die feit dat die kerklike ampte slegs oopge-

¹ *Monogamie*: die feit dat 'n man slegs een vrou het. *Poligamie*: die feit dat 'n man meerdere vroue het.

stel is vir mans. Miskien het die Westerse kultuur oor 'n eeu weer so verander dat niemand meer daarvoor wakker lê nie. Maar op die oomblik stoei baie mense wel daarmee.

Baie mense loop met vrae rond soos: maar kan 'n vrou nie 'n goeie preek maak nie? Kan 'n vrou nie 'n goeie ouderling wees nie? Daar is mos reeds vroulike predikante in ander kerklike denominasies wat baie goeie werk doen? As vroulike ampsdraers in die kerk op gespanne voet staan met die Bybel, watter siening moet ons hê oor vroue wat wel in die ampte dien? Sondig hulle voor God? Gaan hulle hiervoor gestraf word? Of in die ergste geval: gaan hulle hel toe? Net om hierdie vrae te vra, roep by baie al verontwaardiging op. Ja, maar hulle doen dan goeie werk!

Miskien is dit goed om op hierdie punt weer 'n vergelyking te maak met poligamie. As ons na die geskiedenis van poligamie in die wêreld kyk, sien 'n mens dat God aan die een kant baie geduld gehad het met hierdie verkeerde kulturele gewoonte (dink aan Dawid en Salomo met die baie vroue wat hulle gehad het), maar aan die ander kant het God dit nooit begin goedkeur nie. Die Bybel noem herhaalde kere dat poligamie onder God se volk voorgekom het, maar dit word nooit gesanksioneer nie (die swaershuwelik kan ook nie as sodanig gesien word nie). Eerder sien 'n mens hoe God deur die eeue, onder andere deur die profete wat Hy na sy volk gestuur het, hierdie hardnekkige en heidense euwel meer en meer uitgeroei het. Dus: aan die een kant is dit ten sterkste afgekeur, aan die ander kant het dit nie weggeneem nie dat 'n poligamis soos Dawid in die Bybel as 'n opregte gelowige beskryf word. Iemand wat sy sonde bely. Iemand wat daaraan werk om hoe

langer hoe meer sy sondes en swakhede agter hom te laat. Dus ook ten aansien van die toelaat van vroue in kerklike ampte, kan ons maar net beklemtoon dat God geduldig en genadig is. Maar God se geduld gee ons nie 'n vrybrief om maar aan te pas soos ons wil nie.

Toenemende insig?

Soms word die redenering gebruik dat met verloop van tyd die kerk kan groei in insigte wat vroeër nog duister was. Die einste verskynsel van poligamie word dan as voorbeeld gebruik. Waar poligamie vroeër as aanvaarbaar beskou is in God se Woord, het met verloop van tyd die insig gegroei dat dit eintlik verkeerd is. So sou dieselfde die geval wees wat betref die toelating van vroue tot kerklike ampte. Waar die insig dat dit nie verkeerd is nog nie in die Nuwe Testament aanwesig was nie, het die kerk deur die eeue na hierdie insig toegegroei. Hierdie redenering laat die kerk vandag dus toe om ruimte te bied vir dinge wat die grense van die Bybel oorskry. Dieselfde argument word byvoorbeeld vir die toelating van 'n homoseksuele leefwyse gebruik.

Dit is belangrik om te besef dat hierdie 'n misleidende redenasie is. Deur die hele Bybel is van meet af aan duidelik dat poligamie sondig is, dat slegs monogamie van die skepping af God se bedoeling vir die mens was. Die feit dat daar poligamie in die Bybel voorkom, is nie omdat die gelowiges vroeër nie besef het dat dit verkeerd is, en dat God ook nie 'n probleem daarmee gehad het nie. Dit getuig eerder van God se oneindige geduld met sy kinders wat heeltemal vasgeval het in 'n manier van samelewing en 'n tydsges wat weinig meer gereflekteer het van God se oorspronklike bedoeling met die huwelik. Dit was nie 'n kwessie

van groeiende insig nie. Dit was 'n kwessie van voortgaande reformasie (wat eeue geduur het!) om die euwel van poligamie hoe langer hoe meer na die kantlyn te druk.



Kan die oopstel van die kerklike ampte vir vroue daarom as 'n kwessie van voortsnydende insig gesien word? Nee, dit is eerder 'n stap terug, in die sin dat dit die weg van die minste weerstand kies. Dit is aanpassing by die heersende kultuur, in plaas daarvan dat dit die heersende kultuur vorm, reformerend daarop inwerk².

Diskriminasie?

'n Baie aaklige argument is dat mense wat teen die oopstel van die kerklike ampte vir vroue is, teen vroue sou diskrimineer. Asof die kerk van Christus vir twintig eeue lank nou al teen vroue gediskrimineer het! Ook word aangevoer dat die heersende maatskappy vroeër patriargaal was, terwyl dit nou nie meer so is nie. Die kerk sou, deur nie aan te pas nie, 'n onnodige struikelblok opwerp vir ongelowige mense om met die kerk te assosieer.

² Die Amerikaanse webwerf "[9 marks of a true church](#)" verwoord hierdie realiteit baie treffend met die vraag: "Is your church reflecting the culture or shaping it?"

Hierdie argument is ook te oppervlakkig. Kyk 'n mens meer in diepte na die geskiedenis, dan vind 'n mens golfbewegings, dit kan met die swaai van 'n pendulum vergelyk word. Daar was tye

wat baie sterk patriargaal was, daar was tye wat meer egaliserend was, of selfs matriargaal. Bewegings vir die emansipasie van vroue is nie net iets van die afgelope eeu of twee nie. Ook ten tye van byvoorbeeld die Romeinse Ryk was dit aanwesig. Die feit dat die Here Jesus slegs twaalf manlike dissipels gekies het om later sy apostels te word, die feit dat die kerklike ampte in die Nuwe Testament slegs op manne van toepassing is, die feit dat Paulus in die gemeentes wat hy gestig het slegs manne in die ampte bevestig het, is nie vanweë die afwesigheid van voortsnydende insig op daardie stadium nie, of dalk vanweë die feit dat die voortsnydende insig hom toe nog in 'n meer 'primitiewe' fase sou bevind het nie. Dit was 'n bewuste keuse, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus, ons hoogste Profeet en Leraar.

Bied die Bybel 'n afgeronde ampsleer?

'n Redenering wat 'n mens ook dikwels hoor, is dat dit nie moontlik is om 'n volledige

ampsleer af te lei uit die Bybel nie. En dat die huidige vormgewing van die ampte in gereformeerde kerke nie direk teruggevoer kan word op dit wat ons in die Bybel vind nie. Nou is die gereformeerde teologie inderdaad gekant teen 'n simplistiese gebruik van Bybeltekste sonder om die konteks en historiese omstandighede te verdiskonteer. Om hierdie argument egter te gebruik om te beweer dat geen gevolgtrekking gemaak kan word omtrent die geslagtelikheid van die kerklike ampte nie – soos hierbo bespreek – gaan te ver. Waar die gereformeerde wyse van kerkregering en ampsleer in sy geheel inderdaad nie lynreg op die voorbeelde in die Bybel terugvoer kan word nie, kan die feit dat die kerklike ampte slegs beklee word deur broeders, baie beslis wel direk op die Bybel teruggevoer word. So 'n redenering rek die grense van gereformeerde hermeneuse so ver, dat alles moontlik word. Die teologie sal op hierdie manier alles wat in die samelewing aanvaarbaar is, ook kerklik kan sanksioneer. Die grense wat die Woord van God stel, word uitgewis, of, om dit meer diplomaties te stel: word vaag en afhanklik van die teologie gemaak. Op grond van hierdie soort hermeneuse sal 'n mens byvoorbeeld kan stel (wat inderdaad deesdae in die teologie gebeur – dink aan die sogenaamde feministiese teologie): hoewel daar in die Bybel altyd na God verwys word as 'n manlike persoon, staan daar nêrens in die Bybel die gebod: God moet 'n man wees! Of 'n stelling soos: God kan niks anders as 'n manlike persoon wees nie. Daarom – gaan die redenering – mag 'n mens nie op grond van die Bybel 'n godsleer ontwikkel dat God slegs 'n manlike persoon is nie. 'n Mens kan ook legitiem na God verwys as m/v. Hierdie soort hermeneuse gee die teologie die vrybrief om te maak wat hy wil.

En inderdaad, die kulturele druk kan baie hoog wees. Baie kerke kies dan ook vir aanpassing. Hulle laat die norm van die Woord los en kies daarvoor om toegeeflik te wees. Dit is egter die vraag of dit enige sin het, want 'n kerk wat die absolute norm van die Skrif laat vaar, staan in feite niks anders te doen as om maar net met die laaste kulturele wind saam te waai nie, al is dit altyd agteraan. Wat het die kerk dan nog aan iemand te bied wat uit die wêreld kom? As 'n kerk niks meer te bied het as net 'n sakrale stempel op 'n sekulêre lewenswyse nie, kan sy haar beter die moeite spaar. Dan word die sonde geregverdig, en nie die sondaar nie.

Waar lê die kern van die probleem?

En miskien het ons nog steeds nie die kern van die probleem aangespreek nie. Waarom is daar deesdae in baie kerke die behoefte om ook vroue in die kerklike ampte toe te laat? Is die hoofrede nie dalk dat die mans nie meer hulle kant bring nie? Of dat mans se prioriteite heeltemal skeefgetrek is? Sien mans dit nog as 'n eer om in 'n kerklike amp te dien? Of is die behoefte groter om ander dinge te doen, of dit sport is of stokperdjies, of gedurende die naweke wegbreek na jou vakansiehuis of waar ook al, sodat jy in elk geval nie gereeld die kerkdienste kan bywoon nie...

Laastens wil ek wys op nog 'n argument wat gebruik word: hoekom moet ons soveel tyd en energie spandeer aan minder belangrike dinge? Moet ons nie al ons kragte saamspan vir die kernsaak van die uitdra van die Evangelie nie? Hierdie argument is baie waar. As 'n mens na die kerkgroeperings kyk wat die vrou in die kerklike ampte toegelaat het, sien mens dat daar 'n proses aan vooraf gegaan het wat

oneindig baie tyd gekos het³. Dikwels het dit ook kerkskeurings veroorsaak.

Vanuit my ervaring in die sendingwerk kan ek net hieraan toevoeg: ons het die taak om die hele Evangelie uit te dra, en nie net dit wat ons as die kern beskou nie. Die Bybelse ampsleer is onderdeel van die Evangelie. In die townships moet aan die mans gepreek word dat bekering ook inhou dat hulle die hande uit hul moue steek, dat hulle hul verantwoordelikheid opneem tuis in die gesin, en die opvoeding nie net aan die vroue oorlaat nie. Maar ook in die kerk wag daar 'n verantwoordelike taak, juis op hulle. God het hulle sowel in die gesin as in die kerk as hoof aangestel, om vanuit daardie posisie diensbaar te wees.

Ek sluit af deur op te roep tot voorbede vir die kerk van Christus wêreldwyd, dat sy die skat wat aan haar toevertrou is, sal bewaar en die oneindige waarde daarvan sal besef. Laat ons bid dat die bruid van Christus sal standhou, ook in ons tyd, met die tydsgees wat op haar afkom.

Ds PG Boon is sendeling in Soshanguve en lid van die deputaatskap vir Betrekkinge met Buitelandse Kerke van die VGKSA.

³ Sien in hierdie verband die boek *Het spoor van de vrouw in het ambt* deur dr KK Lim (2001 Kampen), wat 'n detail beskrywing gee van hierdie tydrowende prosesse in die Nederlandse Hervormde Kerk en in die Gereformeerde Kerken in Nederland (synodaal).

“Die GEES moet dit doen...”

Leer & Lewe

Dit het gebeur in my eerste gemeente. So naastenby 30 jaar terug. Ek het 'n kategismuspraak oor een van die Tien Gebooië gehou. Terug in die kerkraadskamer na die diens sê een van die ouderlinge, na die dankgebed: “'n Baie mooi preek, dominee. Dit was ook goed dat u party sake in hierdie preek maar padlangs aangespreek het. Daar's net een ding waarvoor ek gesit en wonder het: ons kan dit mos nie self regkry om so te leef nie? Dit is tog die Heilige Gees wat dit moet doen? Ek weet, u het in u gebed ook daarvoor gevra of die Heilige Gees dit wil doen, maar moes dit nie ook in die preek meer duidelik na vore gekom het nie?”

Geen antwoord nie

Ek het nie mooi geweet hoe om hierop te antwoord nie. Ek het gevoel ek sou die krag van my boodskap verswak het indien ek aan aan die einde van die preek sou gesê het dat ons alles waarop ek in my preek gewys het, darem nie self kan regkry nie, maar dit van die Here se Gees moet verwag. Boonop het ek sommer aangevoel dat daar orals in God se Woord baie oproepe tot bekering, aansporings, waarskuwings en vermanings klink. Nie net in die Ou Testament nie, maar ook in die Nuwe Testament. Ook uit die mond van ons Here Jesus Christus Self. Nie net voor die uitstorting van die Gees nie, maar ook daarna. Hoekom mog ek dan nie ook met aansporings en waarskuwings gekom het nie? Dogmaties het ek egter, ten spyte van 6 jaar se teologiese opleiding, nie die regte antwoord gehad nie. En so het ons daardie Sondag-

middag nie mooi by mekaar uitgekome nie.

Die antwoord uit die konfessie

'n Paar weke later. In dieselfde kategismusreeks het ek 'n volgende preek oor een van die Tien Gebooië gehou. En na die diens het dieselfde ouderling, met 'n skaam laggie, gesê: “Ek wil nou nie hardegat wees nie, dominee, maar ek het vanmiddag dieselfde gevoel as 'n paar weke gelede gehad: u het 'n baie goeie preek gehou, duidelik, aansprekend, en die dinge wat u aangespreek het moes ook aangespreek word. Maar weer eens: ons kan dit mos nie self doen nie? Dit is mos die Here se Gees wat dit moet doen?” Dié keer het ek egter my huiswerk gedoen. Ek het geantwoord: “Het die Heilige Gees dan niks gedoen hierdie erediens nie?” My broer het dié antwoord nou nie mooi verstaan nie. “Hoe bedoel dominee nou?” “Wel”, het ek gesê, “dit is mos hoe die Gees werk: deur die verkondiging van God se Woord. So bely ons dit mos in Sondag 25 HK. Maar ook in die Dordtse Leerreëls. U is reg, die Gees moet dit doen. Hy moet die geloof in ons bewerk, en ook die vrugte wat uit die geloof voortspruit. Maar Hy bewerk dit mos deur middel van die Woord waarmee Hy ons aanspreek. Ook deur vanmiddag se preek”. Hierdie antwoord het my mede ouderling oortuig en van toe af het hy met ander ore na die preek geluister so dikwels daar waarskuwings en vermanings in die preke geklink het.

God versoek

Na hierdie broederlike konfrontasie in my eerste gemeente het ek nog meer as een keer broers en susters raakgeloop, gerefor-

meerde mense, wat met dieselfde probleem geworstel het: ons nuwe lewe met die HERE is mos die ene genade, dit is alles die vrug van die werk van God se Gees, maar is dit dan reg dat 'n predikant of 'n ouderling jou nog oproep om jou van jou sondes te bekeer? Jy kan dit mos nie self nie, die Gees moet dit mos doen! Het u geweet dat een van ons gereformeerde belydenisskrifte hiervan sê dat jy besig is om God te versoek indien jy so praat? Gaan kyk 'n bietjie in die *Dordtse Leerreëls, hoofdstuk III/IV, art 17*.

God gebruik middele

In hierdie hoofstuk gaan dit oor die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind. En dit word baie duidelik bely dat ons bekering inderdaad die ene genade is. Dit is die Heilige Gees se werk as gevolg van God se verkiesing: art 6, 10, 12, 15. Egter, al is God ook almagtig, bedien Hy Hom by sy werk van middele. Baie mooi word dit in art 17 bely. Dit is net God se almagtige werking wat ons natuurlike lewe skep en onderhou (ons máák of néém bv nie kinders nie, maar God maak en gee hulle vir ons; ons kan nie self ons liggaam gesond en sterk hou nie, God moet dit doen). Nogtans maak die HERE daarby wel van middele gebruik (geslagsverkeer, gesonde kos, medisyne, ens). Met ons bonatuurlike lewe, ons weder-geboorte, is dit presies dieselfde. Dit is God alleen wat dit kan en moet tot stand bring en onderhou. Die Heilige Gees moet dit doen. Maar ook hierby gebruik Hy middele: die lewenswekkende 'saad' van Gods se Woord, die gesonde voedsame 'kos' van die

Skrif, ja, "die vermanings (!) van die evangelie". Selfs die bediening van die tug. Sien ook art 6 en 11 en hoofstuk V, art 14.

Klein-Asië geskryf het. Dit is alles sy briewe. En in sommige briewe klink daar ernstige vermanings.

te en van die kerklike tug te hou nie.

Ook die daaropvolgende waarskuwing is geheel en al in lyn met die heilige Skrif, te wete dat ons dus God nie moet versoek deur die dinge te skei wat Hy na sy welbehag saamgevoeg het nie. Ons moenie sê: "Verkondig maar net die genade vir ons, dominee. Dit is nie nodig nie, ja, selfs verkeerd om vanaf die kansel te waarsku en te vermaan. Kom ons laat dit aan die Gees oor". As ons so praat, skei ons dus die dinge wat God saamgevoeg het. Ons moet beseft wat ons so pragtig in art 17 bely: "Deur die vermanings word die genade immers gegee". "Hoe gewilliger die ampsdraers hulle amp uitoefen (ook as hulle moet vermaan), des te heerliker word die weldaad wat God (se Gees) in ons werk, openbaar. Juis so vorder God se werk op die allerbeste manier. Aan dié God alleen kom toe, vanweë die *middele* sowel as vanweë die verlossende vrug en krag daarvan, alle heerliheid tot in ewigheid. Amen" (DD III/IV art 17 slot).

Ds FJ (Ferdinand) Bijzet (van 1987-1994 in Pretoria) is tans predikant van die Gereformeerde Kerk (vrijgemaakt) te Emmen, Nederland, en het vanaf September 2008 tot einde Januarie 2009 hulpdienste in die VGK te Bethal verrig.



Die heilige Skrif leer dit so

Ons vaders het dit tereg so uit die heilige Skrif leer raaksien; en daarom in ons belydenisskrifte meer as een keer "Woord en Gees" of "Gees en Woord" as 'n direkte verbinding gebruik: Sondae 12, 21, 48 HK en DL hoofstuk I, art 7; hoofstuk III/IV, art 7.

God se Gees gebruik vir sy werk God se Woord as 'n middel. Dit is dié dat die apostel Paulus die Woord van God "die swaard van die Gees" noem (Efes 6:17). En daarom kan die skrywer van die brief aan die Hebreërs 'n waarskuwing uit Psalm 95 aanhaal ("verhard julle harte nie!") as 'n woord van nie net die psalmis nie, maar van die Heilige Gees (Hebr 3:7, sien ook Hebr 10:15 waar 'n woord van die profeet Jeremia as die woord van die Heilige Gees aangedui word).

Die mees opvallende voorbeeld is dalk die briewe wat ons Here Jesus vir die sewe gemeentes in

Aan die einde van elke brief staan daar dan egter nie dat die lesers mooi na Jesus se woorde moet luister nie, maar: "Wie 'n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê". Die Heilige Gees gebruik nou Christus se woorde en briewe, met daarin ook ernstige vermanings, om by sy gemeentes geloof en bekering te bewerk.

Nie skei wat God saamgevoeg het nie

Daarom is dit geheel in lyn met die heilige Skrif as ons in DL hoofstuk III/IV, art 17 bely dat die apostels en leraars wat hulle opgevolg het, aan die een kant die mense gelowig oor God se genade onderrig het, tot sy eer en tot onderdrukking van alle hoogmoed, maar aan die ander kant ook nie nagelaat het om die mense deur middel van heilige (!) vermanings uit die evangelie onder die bearbeiding van die Woord, van die heilige sakramen-

BELHAR-herinneringe

Sending & Evangelisasie

Tydens die feestelike erediens in Belhar op Sondagoggend 2 November, het my gedagtes onwillekeurig teruggeloop na die begin van die sendingwerk in Belhar. En hoe verder 'n mens terugdink, hoe groter raak jou verwondering oor die Here se pad met die gemeente van Belhar.

Ds D Los

Dit is die heel eerste naam wat in my gedagte opgekom het.

Hy het die evangelisasiewerk sterk ondersteun. Ek onthou dat hy 'n kursus aangebied het oor kerke en sektes. Want, het hy gesê, as julle daar in Belhar evangelisasie gaan bedrywe, dan is dit nodig dat jy weet wat die leer is van die kerke en sektes waarmee jy in aanraking gaan kom. En hy was reg; daar is met vrug gebruik gemaak van die kursus.

Sondagskool in Belhar Primêr

In die begin van die sewentigerjare is is daar deur die Evangelisasie-kommissie lank gesoek na die beste manier om die evangelie uit te dra, en verskillende projekte is van stapel gestuur, wat uiteindelik tog gestaak moes word.

Toe maak die Here vir ons 'n deur oop, en kom daar in 1979 die geleentheid om die Belhar Primêre Skool te gebruik om 'n Sondagskool te hou.

Dit was asof die energie van jare skielik 'n uitlaatklep gevind het. Daar is met groot entoesiasme aan die werk gespring, medewerkers is gewerf, lesmateriaal saamgestel, roosters opgestel, en pamflette versprei. Ek onthou nog die "Belharkis", 'n groot hout kis waarin psalmboekies, Bybels, lesmateriaal, kleurpotlode, inkleurboeke, bywoningsregisters, ens. gebêre is.

Wat my na al die jare bygebly het, is die geesdrif waarmee die werk gedoen is, wat skaars deur iets gedemp kon word. Dit het byvoorbeeld gereeld gebeur dat die sleutel van die skoolgebou nie beskikbaar was nie. Pleks daarvan om die Sondagskool af te gelas, is dit doodluiters in die opelug gehou, met die kinders op die grond in die vierkant, of op boomstamme wat om die skoolgebou op betonpilaartjies gelê het.

Toe die Sondagskool op 2 April 1979 begin het, was dit dadelik 'n groot sukses, en die getal kinders het gou aangegroei tot 80 kinders in 2 klasse.

Hoe belangrik die evangelisasiewerk vir die gemeente en Kerkraad was, blyk wel uit die feit dat die tyd van die middagdiens aangepas is aan die Sondagskool!

Veldwerk

Die Evangelisasie-kommissie het, ondanks die sukses van die Sondagskool, nie die uiteindelijke doel van die evangelisasiewerk uit die oog verloor nie, naamlik om die volwassenes met die evangelie te bereik.

Daarom is daar in Junie 1979 met die veldwerk begin. Die bedoeling was om deur middel van die adresse van die kinders in die Sondagskool, kontak te maak met hulle ouers, om die evangelie aan hulle uit te dra.

So stap daar Sondagmiddae ses veldwerkspanne van twee persone elk deur Belhar, met die naam- en

adreslyste van die kinders van die Sondagskool op sak.

Nie al die kinders het in die huise van Belhar gebly nie, maar 'n hele paar van hulle se pondokkies was nog in die "bos" aan die oorkant van die pad. Twee veldwerkers het eendag daar rondgedwaal en op 'n kerkie afgekom wat heeltemal van sinkplate gebou was, kerktoring en al. 'n Kerk wat hom heeltemal aangepas het aan die omstandighede van sy lidmate!

Die veldwerk was egter nie baie doeltreffend nie. By die meeste huise was daar nie 'n antwoord op die klop aan die deur nie. Baie mense was nie by die huis nie, het geslaap, of was net nie lus om oop te maak nie.

Bybelkursus

Tog was daar ook 'n paar positiewe reaksies. Die belangrikste was wel die vraag wat iemand gestel het, waarom daar alleen iets vir die kinders gedoen word.

"Hier is baie volwassenes wat nie meer kerk toe kan gaan nie, wat nogtans die evangelie wil hoor."

So is daar in Januarie 1980 met 'n Bybelkursus begin. Weer eens is dit geesdriftig begin met baie medewerkers. Maar die deelnemers was min, al is hulle by die huise opgelaa en na die Laerskool vervoer.

So is daar in die Belhar Primêr in die Acanthussingel elke Sondagmiddag vyf jaar lank twee Sondagskool-klasse en 'n Bybelkursus aangebied.

Aan die einde van die vyf jaar was daar slegs vier deelnemers wat gereeld na die Bybelkursus gekom het.

Sending en Kerkplanting

Op 4 Februarie 1984 het die Evangelisasie-kommissie 'n besinningsvergadering gehou saam met alle medewerkers en ds T de Boer, sendeling van Mamelodi. Die besluite wat daar geneem is, is opvallend omdat hulle so verreikend was.

In die eerste plek is 'n duidelike keuse gemaak vir **sending** (kerkplanting in Belhar self) teenoor **evangelisasie** (vergadering van die mense van Belhar tot die gemeente van Goodwood).

Dit was die beste vir die goeie voortgang van die werk in Belhar.

Die *Vrye Gereformeerde Kerk* moes 'n adres in Belhar kry, sodat mense 'n bewuste kerkkeuse kon maak. Daar moes dus so gou moontlik erediens in Belhar self belê word.

En dit het beteken dat ons met sendingwerk besig was, al het dit baie naby aan ons eie gemeente plaasgevind.

Die doelstelling van die sending- en evangelisasiewerk word kragtig verwoord in die beleidsriglyne van 2 April 1984:

"Die doelstelling van die evangelieverkondiging in Belhar is om die Woord uit te dra, sodat deur die werking van die Heilige Gees, 'n selfstandige Vrye Gereformeerde Kerk in Belhar tot stand kom."

In beginsel klink dit baie mooi, en as jy na 24 jaar terugkyk, dan het dit ook werklikheid geword. Maar ek kan u verseker dat die medewerkers van daardie tyd gewonder het oor die praktiese uitvoerbaarheid van die doelstelling.

Watter groot taak was dit nie: sendingwerk in Belhar met die doel: kerkplanting.

En dit moes voorlopig aangepak word sonder finansiële ondersteuning, sonder sendeling, sonder kerkgebou, en sonder die hulp van ondersteunende kerke.

Drie opdragte van die Kerkraad

Die volgende twee jare is gekenmerk deur verdere besinning, baie vergaderings, briefwisselings en besprekings van studiestukke. In 1985 gee die Kerkraad van Kaapstad die volgende drie opdragte aan die Sending- & Evangelisasie-kommissie :

- bespreek met die mense van Belhar self of hulle kerkdienste in Belhar sal verwelkom;
- soek na 'n geskikte vergaderplek in Belhar;
- kom met voorstelle vir 'n geskikte broer as ampsdraer.

City Tramways

Die eerste deel van die opdrag is gou afgehandel, met die verblydende resultaat dat die mense van Belhar eintlik lankal gewag het dat ons met so 'n plan vorendag sou kom. Al die deelnemers aan die Bybelkursus het gesê dat hulle begeer om lidmaat van die VGK te word, sodra daar dienste in Belhar gehou sou word. Tydens die gesprek is gevra of hulle nie sal verkies om by die gemeente in Goodwood aan te sluit nie. Hulle reaksie was beskamend: *Wat gaan ons dan maak met al die mense uit Belhar wat nog sal aansluit? Ons sal later 'n bus van City Tramways moet huur om hulle te kan vervoer.*

Sendingouderlinge en die noodtoestand

Daar is aan die kerkraad voorgestel om twee, pleks van een, sendingouderlinge te benoem, omdat daar gevoel is dat die werk 'n te groot las vir een ouderling sou wees om dit naas sy daaglikse werk te doen. En toe beproef die Here ons geloof en volharding met die soek na 'n geskikte vergaderplek. Toe daar uiteindelik 'n skool gevind is wat beskikbaar was vir kerkdienste, het die destydse regering 'n nood-

toestand afgekondig, met die gevolg dat skoolgeboue slegs gebruik mag word vir skooldoeleindes, en vir niks anders nie, selfs nie eredienste nie.

So word die situasie in "Pro Ekklesia" van November 1985 beskryf :

"Sodra die S & E-kommissie 'n vergaderruimte in Belhar gekry het, sal die broeders JF Raimond en J van der Linden in die amp van ouderling-met-besondere-opdrag vir evangelisasie in Belhar, bevestig word."

Aan die einde van 1985 gee die Here uitkoms, en is daar toestemming verkry om die konsistorie van die NG Sendingkerk in Belhar te gebruik.

Ds Van Hulst en drie kerkdienste per Sondag

Die ander naam van 'n predikant wat onlosmaaklik verbonde is aan die begin van die sendingwerk in Belhar, is dié van ds FJ van Hulst.

Toe daar besluit is om met eredienste in Belhar te begin, het die groot taak voorgelê om elke Sondag die Woord te bedien. Selfs vir twee sendingouderlinge was dit te veel om naas hulle daaglikse werk te doen. Daarom het ds Van Hulst aangebied om twee Sondae voor te gaan in Belhar, en elke derde Sondag een van die sendingouderlinge.

Na die diens in Goodwood, wat om half tien begin het, het ds Van Hulst 'n vinnige koppie koffie in die konsistorie gedrink, voorgegaan in Belhar om twaalf uur, en saans om ses uur weer die diens in Goodwood gelei.



Dit het ds Van Hulst byna ses jaar volgehou tot die eerste sendeling, ds EL Van 't Foort, in Oktober 1991 amptelik met sy werk begin het.

Die sendingouderlinge onthou met dankbaarheid die praktiese lesse in die preeklees en voorgaan in eredienste, wat hulle in sy studeerkamer ontvang het.

Onortodokse werkmodes

Tydens sy toespraak na die diens op 2 November, het die afgevaardigde van die Kerkraad van Kaapstad

genoem dat daar dikwels gebruik gemaak is van onortodokse werkmodes.

Die rede daarvoor was die spesiale omstandighede waaronder die werk gedoen is, asook die beperkte mannekrag.

'n Voorbeeld daarvan is die belydeniskatkië wat in 1985 aan voornemende lidmate aangebied is. Dit het plaasgevind op Sondagmiddae in Belhar, en dit was amper onmoontlik vir die sendingouderlinge om dit heeltemal self te doen. Daarom is die Bybelkursus doodeenvoudig omgevorm tot katkiëkursus, en het die aanbieders uit Goodwood dit saam met die sendingouderlinge aangebied.

Een van die onortodokse werkmodes was die gebruik van sendingouderlinge met spesiale opdrag vir die werk in Belhar.

Indien jy as gemeente met sendingwerk wil begin omdat die Here die geleentheid daarvoor gegee het, en daar bestaan nog nie 'n moontlikheid om 'n sendeling te beroep nie, dan moet jy soek na oplossings wat pas by die situasie waarin die werk verkeer.

So is daar later ook manslidmate uit Belhar tot ouderlinge benoem. En dit is eintlik 'n heel ongewone gang van sake op 'n sendingsterrein.

Normaalweg word daar eers ampsdraers benoem op die moment dat die gemeente geïnstitueer word.

Instituering en die instelling van die ampte vind dus gelyktydig plaas. Maar die benoeming van ouderlinge uit die gemeente van Belhar wat nog nie geïnstitueer was nie, was nogtans 'n heeltemal logiese stap: mense uit eie geledere is benoem as **sendingouderlinge** met die spesiale opdrag om in Belhar te dien. Daarom was hulle in die beginjare ook aanwesig by vergaderings van die kerkraad van Bellville waar sendingsake bespreek is.

Ek het self saamgewerk met die eerste "eie" ouderling, oom Faan Titus, en ek kan van hom getuig

dat hy as ampsdraer altyd pastoraal en missionêr besig was.

Betrokkenheid van Nederland

Ons broers en susters in Nederland was reeds in die begin betrokke by die sendingwerk in Belhar. Ons hoef slegs te dink aan die kerkgebou in Belhar wat opgerig is met fondse wat vir 'n groot deel uit Nederland gekom het.

Ook die finansiële middele om die eerste sendeling te kan beroep, het van die gemeente van Groningen – Oost gekom.

So het die Here die middele gegee om die werk met 'n voltydse sendeling voort te sit, wat met deelydse sendingouderlinge begin is.

Die Here het voorsien

Ek het aan die begin gesê dat my gedagtes terugloop het na die beginjare.

Ek het onthou hoe ek op dieselfde plekkie gesit het as broeder Chris Willemse, op die ouderlingstoel, links voor in die kerk. Dikwels met 'n "keyboard" van ds Van 't Foort voor my op die leunings van 'n stoel om die gemeentesang te begelei. Toe het ek my baie keer sorg gemaak oor die voortgang van die werk. Toe ek daardie oggend die tema van die prediking hoor: "*Christus is die versekering van die gemeente.*", toe besef ek hoe kleingelowig my sorg van daardie tyd was.

Want die gemeente van Belhar het selfstandig geword.

Gemeente van Christus op die Kaapse Vlakte, wat self die evangelie verkondig: elke Sondag weer, met dieselfde Woord wat nou aan hulle toevertrou is. Christus sal met hulle wees, tot aan die einde van die dae.

Frits Raimond is lid van die VGK Bellville.

REAKSIES

Reaksie 1

Geagte Redakteur,
My ontsteltenis oor Wilma Pouwels se wanvoorstellings onder subhoof 2 van haar artikel in die Augustus-uitgawe van Kompas ("Ouers is vennote in kinders se onderwys"), is nou, na haar "antwoord" op my briefie (November 2008), eers erg. As ek haar reg verstaan, sê sy ons opereer almal vanuit ons eie paradigmas (wat waar is) – en ek het vir 'n "apartheids"-paradigma gekies en sy vir 'n objektiewe

werklikheidsgetroue een gegrond op "inligting" en "geskiedskrywers". Omdat ek uit die "apartheids"-paradigma opereer, kon sy verwag het dat haar "... verwysing na die apartheidsera mense (dit wil sê: ek inklusief) se hare sal laat rys".

My eerste probleem is dus dat sy my gegronde feitelike besware teen haar stellings bloot beantwoord deur my 'n etiket om te hang: ek opereer vanuit 'n

apartheidsparadigma – en dus is my waarnemings en besware nie 'n gegronde antwoord werd nie. My hare het nie gerys omdat sy in haar oorspronklike artikel na die "apartheidsera" verwys het nie (dis haar goeie reg) – my hare het gerys weens die wanvoorstellings wat sy in haar verwysing gemaak het.

My tweede probleem is: sy sleep 'n hele reeks stellings wat ek nooit gemaak het nie, by haar antwoord in: "... die apartheidsregering nie alle kinders oor dieselfde kam geskeer het nie" (ek stem saam) ; "... die stelsels het die blanke kind bevoordeel...." (reg) ; "... subsidies was meer...." (hang af van hoe jy reken) ; "... onderwysinstellings vir blanke onderwysstudente was meer..." (nie waar nie – 'n groot aantal onderwyskolleges is deur die huidige regering gesluit); "die instelling was een van 'onderdruk die meerderheid'..." (op watter gegewens grond sy die kras veroordeling?). My argument het gegaan oor twee groot sake: die wanvoorstelling dat "vandag is onderwys vir alle rasse en tale in ons land toeganklik. Anders as in die jare voor 1994" en haar wanvoorstellings in verband met "Christelik-nasionale onderwys" en wat die doel ("uitkomst") daarmee was. Die bogenoemde aspekte wat sy byhaal, het dus nie betrekking op my probleme met haar artikel nie. Word dit bloot bygesleep om die aandag van my

konkrete besware af te lei en haar eie paradigma te ondersteun?

Vir haar inligting: ek is in 1956 van ideologiese apartheid vir die hantering van volkereverhoudinge genees. Verder: ek grond my paradigma nie op geskiedskrywers nie (hulle is meestal self onbewus van hul eie paradigmas) , maar op werklikhede – sommige wat ek self beleef en deurworstel het, ander wat ek met groot moeite en oor 'n lang tydperk nagevors het en ander wat deur God se genade in die Bybel vir sy kinders gegee is. Ek is nie blind vir die tekortkominge – en soms opsetlike sondes - wat ten opsigte van Swart onderwys begaan is nie. Maar dit gee my nog nie die reg om wanvoorstellings te maak of strooioppe van my teenstanders te maak wat ek dan met min moeite omvergooi nie. Ons is almal geroep om die waarheid te eer en ons getuienis te lewer met "...nederigheid en eerbied vir God" (1 Petr 3:15).

Ter illustrasie van wat ek bedoel met werklikhede waarop ons ons paradigmas moet grond, vra ek haar aandag vir die volgende feite (uit die "Amptelike Jaarboek van die RSA, 1980/1") en maak daaruit 'n kort afleiding:

Getalle onderwysers en leerders, 1960-1979 ("Swart" sluit "Indiërs" en "Kleurlinge" uit):

		Onderwysers		Leerders		Onderwysers		Leerders
1960	Wit	31 139	Primêr	461 789	Swart	25 644	Primêr	1 452 246
			Sekondêr	245 647			Sekondêr	47 598
1979	Wit	48 839	Primêr	606 219	Swart	71 380	Primêr	2 899 000
			Sekondêr	348 207			Sekondêr	495 100

Die syfers vir die "onafhanklike tuislande" soos Transkei en Bophuthatswana is nie vir 1979 bygereken nie - indien wel, kan die getalle vir Swartes seker verdubbel word. Die onderwys was steeds grotendeels deur "wit" Suid-Afrika bekostig en het vanaf die middel-70's persentasiegewys teen omtrent dubbel die tempo as vir "wit" onderwys gegroei.

My gevolgtrekking is dus: daar was agterstande in vergelyking met "wit" onderwys, maar om die stellings te maak wat in die artikel en in die antwoord gemaak is, lyk vir my verregaande. Ek is nie bewus van enige ander land waar sulke volgehoue pogings aangewend is om agterstande op te vang en te oorkom nie – ondanks die beperkings van 'n tradisionele kultuur wat aanvanklik behoorlike skoolonderwys met agterdog bejeën het en die latere stryd teen onverantwoordelike slagspreuke soos: "liberation before education" en die verskriklike gevolge van "die land (en skole) onregeerbaar maak". In enige land is

daar finansiële beperkings op regerings se vermoë om onderwys te bevorder. In Suid-Afrika (ook die "nuwe" een) is daar addisionele beperkings wat te make het met 'n inheemse kultuur waar daar 'n skreiende gebrek is aan 'n werks- en professionele etiek.

Befondsing vir onderwys kon toentertyd (en steeds vandag) slegs verantwoordelik toegeken en aangewend word namate die etos wat vir die benutting daarvan nodig was, moeisaam en langsaam tot stand gekom het.

Dankie vir die geleentheid tot diskussie.
Heilwense,
DC Coetsee

'n DUIDELIKE KOERSWYSIGING?

Reaksie 2

In die *Kompas* van November 2008 bespreek ds PG Boon 'n aantal sake wat in die sinode van die Nederlandse susterkerke gedien het. Daarby het hy ook gefokus op die sinode se verwerping van besware wat ingedien was teen publikasies van die emeritus hoogleraar dr J Douma in verband met skepping en ewolusionisme. Volgens ds Boon is daar in die Nederlandse kerke op hierdie punt van 'n duidelike kommerwekkende koerswysiging sprake. Het die sinode van Assen 1926 dr Geelkerken se publikasies veroordeel omdat hy gepleit het vir die ruimte om Genesis 1-3 nie as geskiedskrywing op te vat nie, dr Douma kry nou van die sinode van Zwolle-Zuid 2008 wel die ruimte om Genesis 1 nie as geskiedskrywing op te vat nie. Myns insiens is ds Boon se vrese dat dit 'n duidelike koerswysiging is, effens te voorbarig. En daarom nie 'n regte oordeel oor die kerke in Nederland nie. Eerstens: in die sinode van Assen 1926 het dit nie soseer om die eksegetiese van Genesis 1 nie, maar wel van Genesis 3 gegaan: het die slang regtig met Mannin gepraat? Dr Geelkerken wou dit in die midde laat. Dr Douma laat dit egter hoegenaamd nie in die midde nie. Hy is oortuig daarvan dat die slang gepraat het, aangesien die Skrif dit duidelik so sê as 'n geskiedkundige feit. Tweedens: dr Douma kies, wat Genesis 1 se beskrywing van die skepping betref, inderdaad vir die sogenaamde kaderteorie: die verdeling van die HERE se skepping oor ses dae is slegs 'n vertelkader van die skrywer. En die sinode van Zwolle-Zuid 2008 wou hom nie daarvoor veroordeel

nie. Is dit dan nie 'n koerswysiging ten opsigte van die verlede nie? Nee, glad nie. Die sinode moes naamlik, soos reeds vroeër die 'College van Toezicht', daarmee rekening hou dat die ruimte wat dr Douma vra met betrekking tot die uitlegging van Genesis 1, al meer as 100 jaar in die Gereformeerde Kerke in Nederland gegee word. En wat ook daarvoor al daar was. Dr A Kuyper het alreeds in sy rede *Evolutie*, (Amsterdam/Pretoria, Höveker & Wormser, 1899) bls 46,47 gesê (ná hy hom fel teen alle ewolusionisme gekeer het): "Een geheel ander is natuurlik het met name in Engeland zoo vaak verhandeld vraagstuk, of de Religie, als zoodanig, een spontane ontplooiing van de soorten in het organische leven uit de cytode of uit de kerncel toelaat. Die vraag toch moet zonder voorbehoud in bevestigenden zin beantwoord worden. Niet onzen stijl zullen we aan den oppersten Bouwmeester van het Heelal opdringen. Mits Hij, niet in schijn, doch in wezen de Bouwmeester blijve, is Hij ook in de keuze van den bouwstijl de Vrijmachtige". En dr K Schilder het in sy *Heidelbergse Catechismus deel 3* (Oosterbaan & Le Cointre, Goes 1950) bls 268 geskryf: "Een *geschapen* evolutie der dingen zal nimmer een struikelblok kunnen zijn voor den Schriftgelooivige. Want, is zij geschapen, dan blijft God zijn hand in het vuur houden, waar ook en wanneer ook." En waar dit gaan oor die skeppingsdae en die volgorde van hoe God gehandel het in Genesis 1, wys H Bavinck, *Gereformeerde Dogmatiek* (Kok, Kampen 5^e druk

1967) bls 460), daarop, dat dit alreeds Augustinus se siening was "dat de dagen waarvan Genesis 1 spreekt, ons niet de temporele maar alleen de causale orde doen kennen"; terwyl K Schilder in *Een hoornstoot tegen Assen* (Kok, Kampen 1929) bls 39 vv, 'n boekie waarin hy dit opneem vir die besluite van die sinode van Assen 1926 met betrekking tot dr Geelkerken se sienings (!), oproep om ernstig oor hierdie vraag na te dink "...of het nu waarlijk zo dwaas is, de mogelijkheid aan te nemen, dat onze, zeven 24-uurs perioden bevattende, rust- en werkweek AFSPIEGELING is van Gods, zeven perioden Gods omvattende, scheppings-en sabbatsweek". Hierdie teoloë het almal geworstel met eksegetiese vrae rondom Genesis 1 en die verhouding tussen skepping en ewolusie. Nogtans wou hulle ook almal, nes dr Douma, baie beslis daaraan vashou dat hierdie wêreld so tot stand gekom het dat die HERE in alles die hand gehad het. Kon die sinode van Zwolle-Zuid, waar hierdie teoloë in die verlede die ruimte vir sulke uitlatings ontvang het, aan dr Douma hierdie ruimte ontnem? Sou juis dit nie 'n duidelike koerswysiging gewees het nie? Die sinode se uitspraak impliseer nie dat die sinode met die resultate van dr Douma se eksegetiese worsteling saamgestem het nie. Soos 'n mens ook nie uit hierdie artikel van my moet aflei dat ek dus met dr Douma saamstem nie. Laat ek duidelik wees: ek stem nie met hom saam nie. Maar daar was in die Gereformeerde Kerke nog altyd die ruimte om van mening te verskil.

Ds FJ Bijzet

HERDERS en HUISBESOEK

Reaksie 3



Na aaleiding van die bogenoemde tema in Kompas van November 2008 wil ek enkele vrae en opmerkings onder die aandag van die redaksie en ons lesers bring. Uiteraard is daar baie in die 4 artikels wat ons instemming kan hê. Aan die anderkant rys die

vraag: "Word daar nie te veel van die bestaande menings en bestaande situasie uitgegaan en te min vanuit Skrif en belydenis geskryf nie?" Alleen die laaste is immers as rigtingwyser vir die Gereformeerde lewe relevant?

God roep tot die amp deur sy gemeente

In hierdie artikel is ek bly met die begroning van en die pleit vir inskakeling van die gemeente by die roeping tot die amp wat van God uitgaan.

Word egter by die opmerking dat manslidmate namens die gemeente stem, nie van 'n bestaande mening uitgegaan nie? Die manslidmate het immers geen oorleg met die gemeente gepleeg nie, hoe kan hulle dan **namens** die gemeente stem?

In Handeling 1: 24 – 26 lees ons dat een uit 'n tweetal verkies moet word, dan laat hulle dit deur die lot aan die Here oor. In Handeling 6 word, volgens die opdrag van die apostels, sewe manne van goeie getuie aan hulle voorgestel. Eers daarna word gebid en vind die bevestiging deur handoplegging plaas. In Handeling 1, 6, 13, 24 of in 1 Timotheüs 3 en Titus 1 word nie van verkiesing deur die uitbring van stemme gespreek nie.

Die gemeente geroepe heiliges het met Christus uit die dood opgestaan en aan sy salwing tot profeet, priester en koning deel gekry (1 Joh 2: 27). God sal dan ook die koninklike harte van die gemeente lei waarheen Hy wil (Spr 21: 1). Vanuit daardie oogpunt kan gesê word dat die manslidmate namens die Here stem.

Die stemming vir ampsdraers laat maklik die gedagte by die gemeente posvat dat dit 'n demokrasie reg is, soos die burgers van 'n land 'n nuwe parlement kies. Is dit dan nie Skriftuurliker om, soos in Handeling 1, die lot te werp nie? 'n Voordeel is dan ook dat 'n reëling vir 'n verkiesingsvergadering oorbodig word.

Mag vroue deelneem aan die ampsdraers-verkiesing?

Wanneer die lot vir die verkiesing van ampsdraers gebruik sou word, is die vraag of vroue ook aan die verkiesing mag deelneem, nie meer relevant nie.

In hierdie artikel is wat ons in art 30 NGB bely, naamlik: dat diakens deel van die kerkraad is, aan die kerkorde toegeskryf. 'n Verskrywing wat maklik voorkom en geen ernstige gevolge het nie.

Ernstig is egter wel die instemming wat in 'n voetnoot met 'n skrywe van prof dr Jakob van Bruggen verklaar is. Daarin word die diakens wat langs die ouderlinge hul plek het, tot helpers van die ouderlinge verlaag.

In art 53 en 54 van die KO word verplig dat ampsdraers in 'n daartoe vasgestelde formulier die drie formuliere van eenheid onderteken. In ooreenstemming met: "die geeste van die profete is aan die profete onderwerp" (1 Kor 14: 32), word in daardie formulier die belofte gevra dat by afwyking van die leer, dit nie geleer sal word nie. Maar dat dit eers aan die kerklike vergaderings voorgelê sal word. Waarom is in die voetnoot nie die uitspraak van die kerklike vergadering vermeld nie, of het dr Van Bruggen in stryd met sy eie belofte geskryf?

Almal mag bly wees dat in besluite oor die aktiewe kiesreg van susters van die gemeente, nie die Skrif by die siening aangepas is nie.

Ook dat die gebruik van aristokratiese en demokratiese werkwyses vir die verkry van ampsdraers in 'n verkeerde perspektief gestel word. Maar waarom word in noot 2 en 3 verwys na die geskifte en sienings van teoloë as rigtingwysers, sou hul Skriftuurlike begroning nie meer die gereformeerde lewe help bou nie?

Huisbesoek

Ja, die huisbesoek is een van die heerlikste opdragte wat die Here Jesus aan sy kinders nagelaat het. Tereg word die heiliges vermaan om die besoek as 'n feestelike gebeurtenis te ervaar. Dit is immers Jesus Christus wat op besoek kom. Gelukkig word ouderlinge en diakens saam nog as die kerkraad gesien.

By my leef die vraag sterk of dit reg is dat die werk van ouderlinge en diakens so geskei word dat dit 'n geheel ander werk sou wees. Is dit geen oorblyfsel

van die Roomse leer wat natuur en genade skei nie?
In Handeling 6: 1 -7 word nie die naam diaken genoem nie! In daardie gemeente was niemand behoeftig nie (Hand 4: 34). Hulle het alles in gemeenskap gehad (vers 32). Die aanleiding tot die verkiesing van die sewe was dat die weduwees van die Griekssprekende Jode in die daaglikse versorging van die hele gemeente oor die hoof gesien is.

Die Apostels gaan volhard in die gebed en die bediening van die woord (Hand 6:4). Dan het die sewe al die ander werk van die apostels oorgeneem. Aan sy dissipels, die apostels, het die Here beveel om sy werk voort te sit: "gaan preek en sê: Die koninkryk van die hemele het naby gekom. Maak siekes gesond, reinig melaatses, wek dooies op, dryf duiwels uit. Julle het dit verniet ontvang, verniet moet julle dit gee" (Matt 10:7 en 8).

Hierdie opdrag het Hy voor sy hemelvaart herhaal en tot al die nasies uitgebrei met: "Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het" (Matt 28: 19). Die werk van die sewe was: groot wonders en tekens onder die volk doen en getuienis gee (Hand 6: 8 - 7: 60 en 8: 5 - 13, 26 - 40). Daarom: is dit waar te maak dat by die winspunt van die reformasie, naamlik: die herinstelling van die besondere ampte, die amp van predikant, ouderling en diaken geheel in ooreenstemming met die Skrif ingevul is?

Broedergroete
Reinier van den Berg

□ † □ † □ † □

Advertensies

 **Hurter Spies** Ing.
prokureurs • attorneys


Prokureurs, Notarisse en Aktevervaardigers

- Eiendomsreg
- Opstel van koopoorrenkomste
- Registrasie van oordragte
- Advies met verkoop van eiendom
- Notariële waarmerkings
- Testamente
- Algemene regsadvies

Kontak: Willie Spies of
Johan Hurter
Telefoon 012-548-0126
of epos willie@hurterspies.co.za



selfsorg-gastehuis
Vir verdere inligting en bespreking sien
www.wheretostay.co.za/kleinsteel/
of kontak ons:
kleinsteel@absamail.co.za
telnr 021 919-4755
Kees en Joke Begemann

 On the Balcony

selfsorg-eenheid
vir maksimum 4 persone.
Volledige inligting
beskikbaar op
www.wheretostay.co.za/onthebalcony/
of ingridkl@iafrica.com
of 021 919-2260
Gert & Ingrid Klapwijk

Boekenuus

▪ Ingwersen, Gesina: Die Bybel oorvertel vir oud en jonk

Die langverwagte Afrikaanse uitgawe van die bekende Nederlandse uitgawe: *Bijbel in vertelling en beeld* is nou beskikbaar. Ek haal vir u aan uit die voorwoord van die eerste uitgawe in Afrikaans!! (2008):

"Met blydschap en dank aan die Here stel ons hiermee DIE BYBEL OORVERTEL VIR OUD EN JONK aan u bekend... Die skryfster het uit byna alle Bybelboeke vertellings gekies, met uitsondering van 'n paar profete en die briewe in die Nuwe Testament. Dit maak hierdie vertelboek uiters geskik om die eenheid van die Ou en Nuwe Testament duidelik te maak. Ver al die uitsien na die koms van die Messias, so dikwels genoem in die Ou Testament, kry baie aandag. Die Ou en Nuwe Testament hoort bymekaar, en moet beide gelees word om die Bybel te verstaan. 'n Mens kom onder die indruk van die groot heilige God, wat barmhartig en genadig, maar ook regverdig is. Hierdie is 'n boek om in u kinders se hande te gee of daaruit vir hulle voor te lees. U en u kinders kan dit gebruik vir Bybelstudie, vir kategeese en vir evangelisasie. Onderwysers sal die boek baie geskik vind om te gebruik vir die voorbereiding van Bybellesse.

Mag die Naam van ons God ook hierdeur geloof en geprys word"

Enkele opmerkings op die Nederlandse uitgawe waarvan reeds die 30ste druk verskyn het:

" Dit boek is ook zeer geschikt voor verspreiding. Zelfs onder volwassenen. Als luchtmachtpredikant heb ik dit ervaren. In de omgang met buitenkerkelijke straaljagerpiloten (bepaald geen kleine jongetjes naar lichaam en geest) bracht dit boek contact met DE PILOOT."

(Ds NB Knoppers, Canada, naar aanleiding van de Engelse uitgave)

"Ik apprecieer het ook erg, dat zo eenvoudig wordt verteld. De fantasie – die in 'kinderbijbels' nogal eens de vrije hand gelaten wordt – is een goede teugel aangelegd. Hier worden roerende en plastische verhalen getekend. Hier wordt de heilsgeschiedenis sober maar duidelijk naverteld."

(Ds G van Rongen, Australië)

" Het lezen van deze vertelbijbel in mijn gezin heeft me voor het eerst doen begrijpen, dat het ook in het Oude Testament om de Here Jezus gaat en dat het Oude Testament zonder het Nieuwe niet te begrijpen is."

(Een moeder aan de schrijfster)

(793 bladsye – R 298)

▪ Nauta, Reinder: Psalm 119 God se wet tot geloof en verlossing

'n Boek uit eie geleedere!!! Br Reinder Nauta is lidmaat van die Vrye Gereformeerde kerk Kaapstad. Hierdie boekie bevat 22 Skrifoordeenkings oor die langste Psalm in die Bybel, Psalm 119. "*Hierdie Psalm – 'n groot Oosterse literêre werk, maar voluit ook deel van die onfeilbare Woord van God ... Want deur God se genade word aan ons bekend: Sy gebod, Sy soewereine wil, Sy verkiesing tot die verlore lewe.*" Hierdie 22 Skrifoordeenkings konsentreer op 'n aantal praktiese sake van die lewe. Christus se verlossing beslaan die ganse lewe. Die digter van hierdie Psalm mag dan ook op baie maniere en met baie herhaling 'n hele aantal verlossingsonderwerpe behandel. Hierdie Psalm is dus meer as net 'n lang Psalm, want die HERE is genadig oor die ganse spektrum van die lewe – juis wanneer sy genade en sy wet in geloof aanvaar word.

(104 bladsye - R 70)



FOLMER BOEKHANDEL

Bondstraat 7, Oakdale Bellville 7530

Tel: (021) 948-5883

e-pos: folmerboek@telkomsa.net

Posbus 1453, Sanlamhof 7532

- - -

Folmer Boekhandel (Pretoria)

(Irene van der Meer)

Laseandralaan 115

0186 Môregloed

Tel/Faks: (012) 333 8064

e-pos: folmerpta@telkomsa.net

Posbus 26489

0031 Gezina

**Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)**

Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Freek van der Meer
Louise Ros (administrasie)

Posbus 23931, Gezina, 0031
Tel 012 332 0127
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:

Printburo Tel 012 335 9134

Redaksie:

Ds Erik van Alten
Jan de Mooij
Greet de Vries
Marlene de Vente
Irene van der Meer
Arnoud van den Bout

Subredakteurs:

Venster op die Bybel:
Ds Pieter Nel
Onderwys en Opvoeding:
Heleen Snijder
Wilma Pouwels
Elders Gelees:
Ds Erik van Alten
Samelewing & Politiek:
Willie Spies
Leer en Lewe:
Ds Kees Kleijn
Wetenskap & Tegnologie:
Lodewijk IJlst
Geskiedenis & Kerkgeskiedenis:
Dr Jan Meijer
Sending & Evangelisasie:
Jan de Mooij
Kuns & Kultuur/Resensies:
Jenny Boon
Klip in die Bos:
Hans Moes
Onderhoude/Verslae:
Greet de Vries

Redaksieadres:

Cunninghamlaan 1301
Waverley 0186
e-pos : kompas@vgk.org.za

Advertensies:

Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:

Stigting Woord en Wandel
Nedbank Gezina
Takkode : 16 03 45
Reknr : 1603 031 820
Vermeld asb u naam en lidnommer

Intekengelde (per jaar):

RSA per e-pos : R50
RSA per hand : R100
RSA per pos : R125
Buiteland per e-pos : €10
Buiteland per see-pos : €30
Buiteland per lugpos : €40

KOMPAS is die maandblad van 'n stigting wat deur lidmate van die Vrye Gereformeerde Kerke (VGKSA) in die lewe geroep is. Indien u die VGKSA nader wil leer ken, is u welkom om met een van die onderstaande predikante of sendelinge in verbinding te tree:

- **Ds C Kleijn :**
Shammah 26, Theunistr, Weltevredenpark 1709; tel 011 679 1646 /
dskleijn@vgk.org.za
- **Rev MP Magagula :**
575 Blok GG, Soshanguve 0152; tel 012 798-1553 /
magagula@telkomsa.net
- **Rev T Mogale :**
19675 Phathudistr, Mamelodi-Oos 0122; tel 012 801-7937 /
kgwadumogale@vodamail.co.za
- **Ds P Nel :**
Fratesweg 775, Rietfontein, Pretoria, 0186; tel 012 331-0931 /
dsnel@vgk.org.za
- **Ds HH van Alten :**
Walterlaan 1295, Waverley 0186; tel 012 332-3256 /
hvanalten@vgkmaranata.org.za
- **Ds E Viljoen :**
Mountainviewrylaan 36, Ridgeworth, Bellville 7530; tel 021 919-9149 /
emyn04@gmail.com

Sendelinge in diens van die kerke is:

- **Ds DM Boersma :**
Mantova 8, Kuskoraalstraat 1135, Môregloed 0186; tel 012 333-1708 /
dmbuersma@vgkmaranata.org.za
- **Ds PG Boon :**
Dunwoodielaan 1201, Waverley 0186; tel 012 332-1028 /
pgboon@vgkmaranata.org.za
- **Dr JA Breytenbach :**
Blackwoodstr 12, Bellair, Bellville 7530; tel 021 919-4215 /
hmbreytenbach@gmail.com
- **Ds T de Boer :**
Mantova 30, Aerangisstraat, Môregloed 0186; tel 012 333-5602 /
tdeboer@vgkmaranata.org.za
- **Rev J Mhlanga :**
Kerkgebou, 624 Blok WW, Soshanguve-Suid; tel 012 791-0983 /
jmhlanga@vgkmaranata.org.za

KOMPAS

Weet u van iemand wat dalk sal belangstel om KOMPAS te lees?
Stuur asb. vir ons die besonderhede vir 'n gratis 3 maande
toesending

Posbus 23931, Gezina, 0084
Kompas.admin@vgk.org.za

U kan die administrasie van **KOMPAS** ook kontak vir:

- geskenkbewyse
- nuwe intekeninge
- geskenk-intekeninge
- advertensies

